



Wes-Kaapse  
Regering



Departement van Plaaslike Regering

**Jaarlikse Prestasieplan**  
2024/25



Wes-Kaapse Regering

**Departement van  
Plaaslike Regering**



# Jaarlikse Prestasieplan

vir  
2024/25

Hierdie jaarlikse prestasieplan gee terugvoering oor die laaste jaar van my departement se planne wat in die regering se beplanningsiklus val. Positiewe vordering is gemaak om munisipaliteite te ondersteun om hul mandate na te kom, maar meer moet gedoen word om dienslewering te beskerm.

Volgens die Ouditeur-generaal Suid-Afrika se verslag oor die prestasie van munisipaliteite vir die 2021/22 munisipale boekjaar, is 19 van die 38 munisipaliteite in Suid-Afrika wat skoon oudituitkomst ontvang het, in die Wes-Kaap. Alhoewel dit 'n belangrike prestasie is, kan 'n mens nie die feit miskyk nie dat verskeie munisipaliteite steeds 'n agteruitgang in hul finansiële prestasie toon ten opsigte van kontantvloei-, en likiditeitstatus soos deur die Nasionale Tesourie voorgeskryf. Munisipaliteite in die provinsie toon verskillende grade van onstabiliteit maar dit is opmerklik dat die verskynsel meer ooglopend is in munisipaliteite wat deur koalisieregerings bestuur word. Dienslewering en daaglikse aktiwiteite in die gemeenskap word nadelig hierdeur beïnvloed. Die Departement sal sy ondersteuning aan munisipaliteite versterk om dienslewering te beskerm, en 'n toegewyde gebeurlikheidsfonds word oorweeg wat die Departement sal steun om die nodige hulpbronne aan munisipaliteite te verskaf om dienslewering te verseker. Verdere magte is in die Wysigingswetsontwerp vir die Monitering en Ondersteuning van Munisipaliteite in die Wes-Kaap, 2023 voorgestel wat munisipaliteite pro-aktief sal monitor om bedrog, korrupsie, wanadministrasie en wanpraktyke, en die risiko's wat daarmee gepaard gaan, op te spoor en te hanteer.

In die jongste sensus is dit opvallend dat die tempo waarteen die bevolking van die provinsie groei effens hoër is in vergelyking met ander provinsies. Dit hou ernstige gevolge vir dienslewering en beplanning in, veral gegewe die werklikheid van armoede, ongelykheid en werkloosheid wat ons gemeenskappe in die gesig staar. Die regering kan dus nie bekostig om selfvoldaan te wees nie. Dit is belangrik dat ons voortdurend ons pogings verskerp om aan burgers toegang tot dienste te verleen en om geleenthede te skep, veral vir die kwesbare groepe in ons gemeenskappe. Dit is derhalwe belangrik dat ons voldoen aan die voortdurende behoefte om burgers by dienslewering en begrotingsverwante aangeleenthede te betrek, asook om geslagsgebaseerde geweld te bekamp en geslagsgelykheid te bevorder.

Klimaatsverandering is 'n gegewe en as 'n provinsie staan ons voor die grootste uitdaging van ons lewens. Daar word van ons verwag om ons tradisionele manier van dinge doen te verander en om nuwe oorlewingsmetodes te aanvaar. Die geweldige swaar reën, stormsterkte winde en seestorms wat swaar vloede tot gevolg gehad het is 'n bewys van die reeks erg weerverwante



Mr AW Bredell

voorvalle wat die Provinsie in 2023 ervaar het en wat tot ernstige skade aan infrastruktuur gelei het. Hierdie gebeure bevestig dat die Wes-Kaap inderdaad die mees vatbare provinsie vir rampe in die land is. Alhoewel die provinsie een van die beste rampbestuursentrums in die land het, sal ons voortgaan om ons rampreaksiestelsel te versterk deur gekoördineerde, multisektorale planne gemik daarop om 'n veerkrachtige infrastruktuur te bou om risiko te vermy en om die provinsie veerkrachtig vir ramprisiko te maak.

Lesse wat tydens die droogte en die COVID-19 geleer is het ons gewys dat, as ons die uitdagings wat ons as 'n provinsie in die gesig staar suksesvol wil hanteer en oplos, ons die planne wat vir al die belangrike rolspelers vir samewerking ingestel is, moet versterk. Terwyl ons nog 'n jaar met potensiële uitdagings in die gesig staar, doen ek 'n beroep op alle sektore in munisipale verband om hul pogings voortdurend te versterk en burgerlike beskerming vir verbeterde leefervarings te verseker.

**Mnr AW Bredell**

**MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING,  
OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**

**31 Maart 2024**





Gesien teen die agtergrond van die land se swak ekonomiese vooruitsigte wat deur hoë inflasie en stadige groei gekenmerk word, was die samestelling van die 2024/25 Jaarlikse Prestasieplan nie 'n maklike taak nie. Die energiekrisis, ernstige vloede en ander verwante aspekte het 'n negatiewe uitwerking op die ekonomiese vooruitsigte van die provinsie om werkseleenthede te skep om werkloosheid op te los. Munisipaliteite het dus steeds die uitdagende taak om groeiende debiteure te balanseer teenoor die behoefte om diensleweringstariese, gedryf deur verhoogde diensleweringkoste, te verhoog. Dit is binne die konteks van armoede, werkloosheid en bevolkingsgroei wat die realiteite in ons gemeenskappe is. Munisipaliteite het dus, onder die omstandighede, al die ondersteuning nodig wat hulle van die Departement kan kry, veral gesien in die lig van die nasionale en provinsiale verkiesings wat voorlê, wat potensieel bestuursreëlins in munisipaliteite verder kan beïnvloed.

Die Departement moes in 'n omgewing met fiskale beperkings sy benadering om munisipaliteite te ondersteun herprioritiseer en saam met munisipaliteite werk deur die nodige hulpbronne te verskaf om basiese dienste aan gemeenskappe te voorsien en beskerm. Vernuwings is noodsaaklik om die uitdagings van dienslewering te hanteer. Die Departement sal Volhoubare Infrastruktuurontwikkeling en die Finansiële Fasiliteit verbeter vir die befondsing van katalitiese infrastruktuurprojekte wat in munisipaliteite bepaal is. Ten einde potensieël beleggers met 'n belang in munisipale infrastruktuurontwikkeling te lok, is aansienlik baie voorbereiding as grondslag vir hierdie program gedoen.

Die Departement het die afgelope aantal jare leiding geneem om platforms vir verskeie regeringsfere vir gesamentlike beplanning en instelling te skep wat, ten spyte van uitdagende omstandighede, positiewe resultate gelewer het. Die huidige ekonomiese omstandighede en die magdom uitdagings wat ons as 'n provinsie in die gesig staar, noodsaak ons om nuwe maniere te vind om sake te doen en dat die instelling daarvan vir almal wat in die plaaslike regeringsruimte werk, dieselfde is. Om doeltreffende dienslewering te verseker moet ons almal, met dieselfde doel voor oë, vinnig optree om alle gemeenskappe wat ons bedien te bevoordeel.



Mr G Paulse

Die gevolge wat die energiekrisis op dienslewering en besigheid het kan nie geïgnoreer word nie. Ten spyte van die Departement se ondersteuning aan munisipaliteite in 2023 deur middel van 'n Noodbeurtekrag-verligtingstoelae, moet meer gedoen word om die uitwerking van beurtekrag op basiese dienste nou en in die toekoms te bestuur en te verlig. Oor die 2024 Mediumtermyn-bestedingsraamwerk het die Departement voorkeur gegee aan die instelling van verskeie inisiatiewe wat daarop gemik is om alternatiewe energieopwekkingmetodes te ondersoek. Dit sluit voorbeelde in van ondersteuning aan munisipaliteite met Meester-energieplanne asook ondersteuning vir "beurtekragvrye" dorpe.

**Mnr G Paulse**  
**DEPARTEMENTSHOOF: DEPARTEMENT VAN**  
**PLAASLIKE REGERING**

**31 Maart 2024**

# AMPTELIKE AFTEKEN

Hiermee word gesertifiseer dat hierdie Jaarlikse Prestasieplan

- deur die bestuur van die Departement van Plaaslike Regering, onder leiding van mnr AW Bredell, ontwikkel is.
- al die relevante beleide, wetgewing en ander mandate waarvoor die Departement van Plaaslike Regering verantwoordelik is, in ag neem.
- die uitkomste en uitsette wat die Departement van Plaaslike Regering sal poog om oor die tydperk 2024/25 te bereik, akkuraat weerspieël.

Mnr A Dlwengu  
**Direkteur: Beleid en Strategiese Ondersteuning**



Mev B Sewlall -Singh  
**Hoof Finansiële Bampite**



Me N Zamxaka  
**Hoofdirekteur: Geïntegreerde Dienslewering**



Adv G Birch  
**Waarnemende Hoofdirekteur: Munisipale Prestasie  
Monitering en Ondersteuning**



Mnr C Deiner  
**Hoofdirekteur: Rampbestuur en  
Brandweerdienste**



Mnr G Pause  
**Rekenpligtige Beampte (Departementshoof)**



**Goedgekeur deur:**

Mnr AW Bredell  
**MINISTER VAN PLAASLIKE REGERING,  
OMGEWINGSAKE EN ONTWIKKELINGSBEPLANNING**  
Datum:





<b>DKF:</b>	Distrikskoördineringsforum
<b>DLIP:</b>	Dienslewering- en Implementeringsplan
<b>DM:</b>	Distriksmunisipaliteit
<b>DME:</b>	Departement van Monitering en Evaluering
<b>DPR:</b>	Departement van Plaaslike Regering
<b>DRAP:</b>	Strategieë vir Waterverbetering
<b>DSRTS:</b>	Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake
<b>DVO:</b>	Diensvlakooreenkoms
<b>GBI:</b>	Gesamentlike Beplanningsinisiatiewe
<b>GDMB:</b>	Gesamentlike Distriks- en Metro-benadering
<b>GIS:</b>	Geografiese inligtingstelsels
<b>GOP:</b>	Gemeenskapsontwikkelingsprogram
<b>GOW:</b>	Gemeenskapsontwikkelingswerker
<b>GPIP:</b>	Gedetailleerde Projekinstellingsplanne
<b>GSB:</b>	Gesamentlike Streeksbenadering
<b>GWP:</b>	Gemeenskapwerkerprogram
<b>IKT:</b>	Inligting- en kommunikasietegnologie
<b>IMJ:</b>	Intydse monitering van Jaarverslae
<b>IRV:</b>	Interregering verhoudinge
<b>IVD:</b>	Integrering van dienslewering
<b>JBP:</b>	Jaarlikse Bedryfsplan
<b>JPV:</b>	Jaarlikse prestasieverslae
<b>JV:</b>	Jaarverslae
<b>ORK:</b>	Openbare Rekeningekomitee
<b>PROS:</b>	Plaaslike Regering Omkeerstrategie
<b>PSIP:</b>	Provinsiale Strategiese Instellingsplan
<b>RKIS:</b>	Regeringskommunikasie- en Inligtingstelsel
<b>M&amp;E:</b>	Monitering en Evaluering
<b>MEBW:</b>	Munisiplate Eiendomsbelastingwet
<b>MDO:</b>	Munisipale Diensleweringooreenkoms
<b>MH:</b>	Menslike Hulpbronne
<b>MIGMIS:</b>	Bestuursinligtingstelsel vir die Munisipale Infrastruktuur-toelae
<b>MINMAY:</b>	Forum van Provinsiale Minister van Plaaslike Regering en Uitvoerende Burgemeesters
<b>MINMAYTECH:</b>	Forum van Departementshoof: Plaaslike Regering en Munisipale Bestuurders
<b>MISA:</b>	Munisipale Infrastruktuur Ondersteuningsagentskap
<b>MJ:</b>	Monitering van Jaarverslae
<b>MKOR:</b>	Munisipale Komitees vir Openbare Rekeninge
<b>MSOV:</b>	Munisipale Staatsbestuur Oorsig en Vooruitsigte
<b>MIT:</b>	Munisipale Infrastruktuur-toelae
<b>MSW:</b>	Wet op Munisipale Stelsels
<b>MTSP:</b>	Mediumtermyn Strategiese Plan
<b>MTSR:</b>	Mediumtermyn Strategiese Raamwerk.
<b>MTUR:</b>	Mediumtermyn-uitgaweraamwerk
<b>MSW:</b>	Wet op Munisipale Stelsels
<b>MVO:</b>	Memorandum van Ooreenkoms
<b>NOP:</b>	Nasionale Ontwikkelingsplan
<b>NOS:</b>	Nywerheidsontwikkelingsone

<b>NROP:</b>	Nasionale Ruimtelike Ontwikkelperspektief
<b>OBO:</b>	Oordragbetalingsooreenkoms
<b>OM:</b>	Ooreenkoms memorandum
<b>OMRK:</b>	Openbare Munispale Rekeningkomitee
<b>OOB:</b>	Oordrag van Ooreenkomsbetaling
<b>OPBS:</b>	Organisatoriese Prestasiebestuurstelsel
<b>PBS:</b>	Prestasiebestuurstelsel
<b>PEO:</b>	Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling
<b>PKF:</b>	Premier se Koördinerende Forum
<b>PRMTUK:</b>	Provinsiale Regering Mediumtermyn-uitgawe Komitee
<b>PROR:</b>	Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelperspektief
<b>PSD:</b>	Provinsiale Strategiese Doelwit
<b>PSP:</b>	Provinsiale Strategiese Plan
<b>PSIP:</b>	Provinsiale Strategiese Instellingsplan
<b>PT:</b>	Provinsiale Tesourie
<b>RB:</b>	Rekenpligtige Beampte
<b>RBGB:</b>	Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur
<b>RIS:</b>	Regeringsinligtingselsels
<b>ROR:</b>	Ruimtelike Ontwikkelperspektief
<b>SAPRV:</b>	Vereniging vir Suid-Afrikaanse Plaaslike Regering.
<b>SAMWU:</b>	Suid-Afrikaanse Munisipale Werkersunie
<b>SGMB:</b>	Strategiese Geïntegreerde Munisipale Betrokkenheid
<b>SK:</b>	Stad Kaapstad
<b>SMG:</b>	Streekmoniteringsgroep
<b>SSEP/ GVSOP</b>	Streek-sosio-ekonomiese Program en Geweldvoorkoming deur middel van Stedelike Opgraderingsprogram
<b>SSEP:</b>	Streeks Sosio-ekonomiese Program
<b>SWV:</b>	Strategie vir Waterverbetering
<b>TD:</b>	Thusong-diensentrum
<b>TGMB:</b>	Tegniese Geïntegreerde Munisipale Betrokkenheid
<b>VIP:</b>	Visie-geïnspireerde Prioriteit
<b>VW:</b>	Verwysings voorwaardes
<b>WDOOP:</b>	Wes-Kaapse Departement van Omgewingsake en Ontwikkelperspektief
<b>WKIR:</b>	Wes-Kaapse Infrastruktuurraamwerk
<b>WMEB:</b>	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting
<b>WMFB:</b>	Wet op Munisipale Finansiële Bestuur
<b>WKOD:</b>	Wes-Kaapse Onderwys Departement
<b>WKR:</b>	Wes-Kaapse Regering
<b>WOME</b>	Wet op Munisipale Eiendomsbelasting
<b>WOSA:</b>	“Whole of Society Approach” of Samelewing as geheelbenadering





<b>Deel A: Ons Mandaat</b>	<b>9</b>
1. Grondwetlike Mandate	10
2. Bywerking van die relevante Wetgewende en Beleidsmandate	10
3. Bywerking van Institusionele Beleide en Strategieë	13
4. Bywerking van relevante Hofuitsprake	13
<b>Deel B: Ons Strategiese Fokus</b>	<b>15</b>
5. Visie	16
6. Missie	16
7. Waardes	16
8. Bygewerkte Ontleding van Situasië	16
8.1 Plaaslike Regering Milieu: Eksterne Faktore	16
8.2 Interne Omgewingsanalise (Organisatoriese Omgewing)	20
8.3 Belyning met Nasionale en Provinsiale prioriteite	21
<b>Deel C: Meting van ons prestasie</b>	<b>25</b>
9. Institusionele Prestasie-inligting	27
9.1 Program 1: Administrasie	27
9.2 Program 2: Plaaslike Bestuur	29
9.3 Program 3: Ontwikkeling en Beplanning	44
9.4 Program 4: Tradisionele Institusionele Bestuur	52
10. Opedateerde sleutelrisiko's en versagtings	55
11. Openbare Entiteite	56
12. Infrastruktuurprojekte	56
13. Openbare Private Vennootskappe	56
<b>Deel D: Tegniëse Aanwyser Beskrywing (TAB)</b>	<b>57</b>
Program 1: Administrasie	58
Program 2: Plaaslike Bestuur	61
Program 3: Ontwikkeling en Beplanning	107
<b>Bylaes</b>	<b>135</b>
Bylae A: Organisasiestruktuur	136
Bylae B: Voorwaardelike Toekennings	137
Bylae C: Gekonsolideerde Aanwysers	149
Bylae D: Distriksontwikkelingsmodel	149



# Deel A



## ONS MANDAAT

## 1. Grondwetlike mandate

Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996) voorsien die nasionale oorkoepelende raamwerk van alle staatsdepartemente in Suid-Afrika se aktiwiteite. Hoofstuk 7 skets die doelwitte en mandate vir plaaslike regering. Die volgende mandate vir die Departement van Plaaslike Regering kan hieruit onttrek word:

- Om munisipaliteite in ooreenstemming met nasionale wetgewing te vestig;
- Om die kapasiteit van munisipaliteite te ondersteun en te versterk;
- Om munisipaliteite se prestasie volgens hul funksies gelys in Bylaes 4 en 5 van die Grondwet, te reguleer;
- Om in te gryp waar wetgewende, uitvoerende of finansiële verpligtinge nie nagekom word nie; en
- Om ontwikkelende plaaslike regering te bevorder.

## 2. Bywerking van die relevante wetgewende en beleidsmandate

2.1 Die Witskrif op Plaaslike Regering (1998) en die daaropvolgende pakket van verwante wetgewing (hieronder uiteengesit) verskaf die nasionale konteks vir plaaslike bestuur regoor die land.

	Wetgewing	Mandaat
A	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Afbakening, 1998 (Wet 27 van 1998)	Hierdie Wet maak voorsiening vir <ul style="list-style-type: none"> <li>• kriteria en prosedures vir die bepaling van munisipale grense deur 'n onafhanklike owerheid.</li> </ul>
B	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Strukture, 1998 (Wet 117 van 1998)	Hierdie Wet maak voorsiening vir <ul style="list-style-type: none"> <li>• die stigting van munisipaliteite in ooreenstemming met die vereistes met betrekking tot die kategorieë en tipes munisipaliteite;</li> <li>• die daarstelling van kriteria vir die bepaling van die kategorie munisipaliteit wat in die gebied gevestig moet word;</li> <li>• 'n definisie van die soort munisipaliteit wat binne elke kategorie gevestig mag word;</li> <li>• 'n toepaslike verdeling van funksies en bevoegdhede tussen kategorieë van munisipaliteite; en</li> <li>• bestuur van die interne stelsels, strukture en ampsdraers van munisipaliteite.</li> </ul>

	Wetgewing	Mandaat
C	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000)	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• belangrike beginsels, stelsels en onderhandelinge wat nodig is om munisipaliteite te bemagtig om sosiale en ekonomiese opheffing van plaaslike gemeenskappe progressief te bevorder;</li> <li>• om universele toegang tot noodsaaklike dienste te verseker wat vir almal bekostigbaar is;</li> <li>• die omskrywing van die regsraad van 'n munisipaliteit, insluitend die plaaslike gemeenskap binne die munisipale gebied;</li> <li>• munisipale bevoegdhede en funksies;</li> <li>• gemeenskapsdeelname;</li> <li>• die daarstelling van 'n bemagtigende raamwerk vir die belangrike prosesse van beplanning, prestasiebestuur, hulpbronnemobilisering en organisatoriese verandering;</li> <li>• 'n raamwerk vir plaaslike openbare administrasie en menslike hulpbronnontwikkeling;</li> <li>• bemagtiging van armes, om te verseker dat munisipaliteite dienstariewe en beleide vir kredietbeheer instel wat hul behoeftes in ag neem; en</li> <li>• ondersoeke na bewerings van bedrog, wanadministrasie, korrupsie en/of versuim om statutêre verpligtinge op munisipale vlak na te kom.</li> </ul>
D	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Finansiële Bestuur, 2003 (Wet 56 van 2003) (WMFB)	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• die versekering van gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite en ander instellings in die plaaslike regeringsfeer; en</li> <li>• bepaling van tesourie-norme en -standaarde vir die plaaslike regeringsfeer..</li> </ul>
E	Plaaslike Regering: Wet op Munisipale Eiendomsbelasting, 2004 (Wet 6 van 2004) soos gewysig deur die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 (Wet No. 29 van 2014)	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• versekering van gesonde en volhoubare bestuur van die finansiële sake van munisipaliteite;</li> <li>• norme en standaarde waarteen die finansiële sake gemonitor en gemeet kan word;</li> <li>• regulering van 'n munisipaliteit se bevoegdheid om belasting op 'n eiendom op te lê;</li> <li>• die uitsluiting van sekere eiendomme van gradering, om voorsiening te maak vir munisipaliteite om 'n deursigtige en regverdigte stelsel van vrystellings in te stel;</li> <li>• die instelling van 'n korting deur graderingsbeleide;</li> <li>• billike en gelykwaardige waardasiemetodes van eiendomme; en</li> <li>• vir 'n 'beswaar en appèl'-proses.</li> </ul> <p>Die Wysigingswet op Plaaslike Regering: Munisipale Eiendomsbelasting, 2014 het op 1 Julie 2015 in werking getree.</p> <p>Die doel van die Wet is om voorsiening te maak vir die verskillende wysigings, invoegings en skrappings om behoorlike verslagdoening, voldoening en instelling van die prosesse en prosedures met betrekking tot die Wet te verbeter.</p>
F	Wet op Rampbestuur, 2002 (Wet 57 van 2002)	<p>Hierdie Wet maak voorsiening vir</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• integrasie en koördinering van die rampbestuurbeleide, wat aandag vestig op die voorkoming of vermindering van ramprisiko's om die ernstigheidsgraad van rampe te verlig;</li> <li>• noodgereedheid, vinnige en doeltreffende reaksie op rampe en asook na-rampherstel;</li> <li>• die vestiging van nasionale, provinsiale en munisipale rampbestuursentrums;</li> <li>• vrywilligers vir rampbestuur; en</li> <li>• aangeleenthede wat daarmee verband hou.</li> </ul>





# ONS MANDAAT

	Wetgewing	Mandaat
G	Wysigingswet op Rampbestuur, 2015 (Wet 16 van 2015)	Hierdie Wet maak voorsiening vir <ul style="list-style-type: none"><li>die verduideliking van die beleidsfokus vir rehabilitasie en funksionering van rampbestuursentrums;</li><li>die belyning van die funksies van die Nasionale Rampbestuur-adviesforum om die Suid-Afrikaanse Nasionale Platform vir Ramprisikovermindering in te sluit;</li><li>die Suid-Afrikaanse Nasionale Weermag, Suid-Afrikaanse Polisie en enige ander staatsliggaam om die rampbestuurstrukture by te staan; en</li><li>die versterking van aanmeldingstelsels vir ramprisiko's ter verbetering van die land se vermoë om potensiële rampe te bestuur.</li></ul>
H	Wet op Raamwerk van Interregering-verhoudinge, 2005 (Wet 13 van 2005)	Die doel van hierdie Wet is <ul style="list-style-type: none"><li>om 'n raamwerk vir die nasionale regering, provinsiale regerings en munisipaliteite te voorsien om inter-regeringsverhoudinge te bevorder en te bemiddel; en</li><li>om meganismes en prosedures te verskaf om interregeringsgeskille te bemiddel en op te los.</li></ul>
I	Wet op Ruimtelike Beplanning en Grondgebruikbestuur, 2013 (Wet 16 van 2013)	Hierdie Wet <ul style="list-style-type: none"><li>maak voorsiening vir 'n raamwerk vir ruimtelike beplanning en bestuur van grondgebruik in die republiek;</li><li>bepaal die verhouding tussen die ruimtelike beplanning en die grondgebruikbestuurstelsel asook ander soorte beplanning;</li><li>maak voorsiening vir inklusiewe, ontwikkelings-, billike en doeltreffende ruimtelike beplanning vir die verskillende sfere van regering;</li><li>voorsien 'n raamwerk vir monitering, koördinering en hersiening van ruimtelike beplanning en die grondgebruikbestuurstelsel;</li><li>voorsien 'n raamwerk vir beleide, beginsels, norme en standaarde vir ruimtelike ontwikkelingsbeplanning en grondgebruikbestuur;</li><li>sprek voorige ruimtelike en regulatoriese wanbalanse aan;</li><li>bevorder groter konsekwenheid en eenvormigheid met aansoekprosedures en besluitneming deur owerhede verantwoordelik vir grondgebruikbesluite en ontwikkelingsaansoeke;</li><li>maak voorsiening vir die instelling, funksies en werksaamhede van Munisipale Beplanningstribunale; en</li><li>gee leiding vir bemiddeling en afdwinging van grondgebruik- en ontwikkelingsmaatreëls.</li></ul>
J	Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2019, (Wet 3 van 2019).	<ul style="list-style-type: none"><li>Om die instelling van die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (No. 3 van 2019) te koördineer.</li></ul>

## 3. Bywerking van Institusionele Beleide en Strategieë

Plaaslike regering se werksaamhede word ook deur die volgende beleidsmandate geraak:

- Instelling van die Gesamentlike Distrik- en Metro-benadering;
- Nasionale Ontwikkelingsplan (Visie 2030);
- Nasionale Vaardigheidsontwikkelingsplan, 2030;
- Wes-Kaap: Visie-geïnspireerde prioriteite;
- Wes-Kaapse Rampbestuursraamwerk, 2010;
- Batho Pele-beginsels;
- Beleidsraamwerk vir Regeringswye Monitering en Evalueringstelsel, 2007;
- Suid-Afrikaanse Statistiese Gehalteversekeringsraamwerk, 2007;
- Nasionale Ruimtelike Ontwikkelingsperspektief, 2002;
- Provinsiale Ruimtelike Ontwikkelingsraamwerk, 2014;
- Nasionale Rampbestuursraamwerk, 2005;
- Wes-Kaapse Herstelplan, 2021;
- Wes-Kaapse Strategie vir Werksontwikkeling 2023; en
- Geslagsresponsiewe Beplanning, Begroting, Monitering, Evaluering en Ouditraamwerk 2023.

## 4. Bywerking van relevante hofuitsprake

Ná die inwerkingtreding van die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap, 2019 (Wet No. 3 van 2019) op 1 April 2021, het die Premier die bevoegdheids- en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San-aangeleenthede aan die Provinsiale Minister verantwoordelik vir Plaaslike Sake opgedra. Die Wet maak, onder andere, voorsiening vir die erkenning van Khoi-San-gemeenskappe, Khoi-San-takke, senior Khoi-San-leiers en hoofde van Khoi-San-takke.

Volgens verskeie bepalings in die wet word daar van die Departement vereis om provinsiale wetgewing en beleide te ontwikkel om sekere bepalings van die Wet in te stel. Daar word van die Departement verwag om institusionele kapasiteit te ontwikkel om die bepalings van die Wet in te stel.

Die Departement het voorkeur gegee aan navorsing, beleid, en ontwikkeling van wetgewing en ondersteuningsdienste aan tradisionele rade om die Wet op Tradisionele en Khoi-San Leierskap (No. 3 van 2019) in te stel. Die poste sal op 'n kontraktuele basis gevul word wat tyd aan die proses sal verleen om die toepaslike organisasiestruktuur te bepaal. Hierdie funksie sal aan Program 4: Tradisionele Institusionele Bestuur wat geaktiveer is, toegewys word.



# ONS MANDAAT

---

Ons mandaat

# Deel B



ONS STRATEGIESE  
FOKUS

## 5. Visie

'n Doeltreffende en dinamiese span wat goedbestuurde munisipaliteite in staat stel om dienste aan gemeenskappe op 'n responsiewe, volhoubare en geïntegreerde wyse te lewer.

## 6. Sending

Om munisipaliteite te monitor, te koördineer en te ondersteun om hul ontwikkelingsmandate doeltreffend na te kom en uit te voer om dienslewering en rampveerkragtigheid deur middel van skakeling met regeringsfere en maatskaplike vennote te bemiddel.

## 7. Waardes

Die Departement se waardes is dieselfde as die ses provinsiale waardes, naamlik,

- Humanitêr;
- Bevoegdheid;
- Verantwoordbaarheid;
- Integriteit;
- Responsiwiteit; en
- Vernuwing.

## 8. Bygewerkte Ontleding van Situasië

### 8.1 Plaaslike Regering milieu: Eksterne Faktore



#### Politieke faktore

Die nasionale en provinsiale verkiesings vind in 2024 plaas. Die geskiedenis het ons geleer dat die tydperk voor die nasionale en provinsiale verkiesings baie belangrik vir die Departement is, aangesien dit dikwels tot onstabieliteit in munisipaliteite lei. Die Departement sal sy ondersteuning aan munisipaliteite versterk om sodoende ontwigtings en onstabieliteit wat die gevolg was van koalisieregerings wat in sekere munisipaliteite in hul bestuur en onderskeie administrasies weerspieël word, te versag. Dit het in die verlede 'n uitwerking gehad op dienslewering en leefwyses van gemeenskappe in munisipaliteite wat hierdeur geraak is. Hierdie tendens kan vererger word in die aanloop tot en na die nasionale en provinsiale verkiesings.



#### Ekonomiese Omgewing

Die gepubliseerde verslag van die Ouditeur-generaal Suid-Afrika, wat munisipaliteite se prestasie in sy 2021/22 munisipale boekjaar se audit aandui, toon dat 38 munisipaliteite in Suid-Afrika 'n ongekwalifiseerde oudituitkomst<sup>1</sup> ontvang het. Dit is belangrik om daarop te let dat 19 van die munisipaliteite in die Wes-Kaap geleë is.

Munisipaliteite met 'n ongekwalifiseerde ouditmening, het een ding in gemeen, naamlik gesonde finansiële en prestasiebestuur wat beteken dat hulle hul funksies in ooreenstemming met die relevante wetgewing uitvoer. Munisipaliteite se finansiële posisie is 'n teken van agteruitgang. Dit kan gekoppel word aan die ekonomiese druk van verbruikers wat hul vermoë om hul munisipale rekening te betaal, beïnvloed.

Volgens die onlangse audit-uitkomst toon verskeie munisipaliteite steeds agteruitgang met hul finansiële prestasie met kontant-, huidige- en likiditeitsverhoudings soos deur die Nasionale Tesourie se norme vereis.

Hoë inflasie en stadige groei is die rede vir die land se onseker ekonomiese vooruitsigte. Die 2023 Provinsiale Ekonomiese Oorsig (PERO) dui aan dat "nadat die Suid-Afrikaanse ekonomie 'n relatief sterk herstel met 4,7% in 2021 getoon het, dit in 2022 teruggeval het na middelmatige groei van 1,9% wat, onder andere, die gevolge van stygende inflasie, ernstige vloede, die energiekrisis en die Oekraïne-oorlog beklemtoon. Hierdie aspekte het 'n negatiewe uitwerking op ekonomiese vooruitsigte vir werkskepping, wat noodsaaklik is om die uitdaging van werkloosheid wat die land in die gesig staar, aan te pak."<sup>2</sup>

Die swak makro- en mikro-ekonomiese vooruitsigte het 'n negatiewe uitwerking op munisipaliteite se vermoë om inkomste te verkry. As gevolg van verhoogde diensleweringkoste is munisipaliteite, byvoorbeeld, gedwing om water- en elektrisiteitsariewe te verhoog wat tot groter debiteure lei omdat inwoners nie vir munisipale dienste kan betaal nie. Aangesien inwoners van die elektrisiteitsnetwerk af gaan en alternatiewe energie gebruik, sal sommige munisipaliteite bowendien 'n bedreiging in die gesig staar as gevolg van 'n verdere verlies van inkomste. Boonop is daar verskeie munisipaliteite wat Eskom aansienlike bedrae skuld.

Infrastruktuur wat in duie stort en beurtkrag wat vir etlike ure op 'n dag ervaar word hou ernstige gevolge vir die land in en is steeds 'n bedreiging vir die ekonomie

1. Ouditeur-generaal Suid-Afrika, gekonsolideerde algemene verslag oor plaaslike regering se oudituitkomst -MFMA 2021-2022, <https://www.agsa.co.za/Reporting/MFMAReports/MFMA2021-2022.aspx>.



wat na die rampspoedige gevolge van die COVID-19-pandemie, op pad na herstel was. Die PERO dui verder aan dat “sedert beurtkrag die eerste keer ingestel is, die Wes-Kaap na raming tussen R48,6 miljard en R61,2 miljard aan reële BBP verloor het. Die geraamde koste van beurtkrag op die Wes-Kaap se ekonomie, in stadium 4, beloop R43 miljoen per dag, en wanneer daar meer beurtkrag is, sal die verlies groter wees” (bl. 38-39).

Aangesien 'n groot deel van hul inkomste meestal uit elektrisiteitsverkope gegenerer word, word munisipaliteite nie gespaar nie. Die uitwerking van langdurige beurtkrag op die verskaffing van basiese munisipale dienste soos sanitasie en water is van ernstige kommer aangesien die onderskeie infrastruktuurinstallasies met elektrisiteit werk. Verskeie inisiatiewe is deur die Departement ingestel om munisipaliteite te help om die uitwerking van langdurige beurtkrag op basiese dienste te bestuur en te verlig.

Belegging in infrastruktuur speel 'n belangrike rol om dienste te lewer en sal verligting bring vir 'n magdom uitdagings, soos onderbreking van infrastruktuur, as gevolg van verouderende infrastruktuur. Dit sal 'n adhoc-benadering tot opgraderings van infrastruktuur-opgraderings voorkom, dienste aan sakeondernemings en huishoudings verskaf en ekonomiese ontwikkeling ondersteun. Dit sal langtermyn sosiale sekerheid verhoog deur volhoubare dienste en ekonomiese ontwikkeling asook geleentehede vir groei skep om werksekerheid te bemiddel. Die voordeel hiervan is volhoubare en billike dienslewering wat 'n positiewe uitwerking op landsburgers se lewensomstandighede sal hê. Daarbenewens word verwag dat elektrisiteitsverbruik teen 'n gemiddeld van 0,7 tot 2,1% tot die jaar 2040, in ooreenstemming met ekonomiese en bevolkingsgroei sal wees. Munisipaliteite se elektrisiteitsverkope, wat te hoog was, het afgeneem en sal na verwagting met 83% daal. Dit is 'n kommerwekkende prentjie aangesien 'n groot deel van munisipale inkomste van elektrisiteitsverkope afhanklik is.



## Sosiale Faktore

Die bevolking van die provinsie is volgens die 2022 Sensus 7,433,019. Die tempo waarteen die bevolking van die provinsie groei, is effens vinniger in vergelyking met ander provinsies. Die bevolkingsgroei vir die tydperk tussen 2011 en 2022 was 27,7%. Dit is die hoogste van alle provinsies gevolg deur Mpumalanga teen 27,3% en Gauteng teen 23,0%.<sup>3</sup> Die grootte en struktuur van die bevolking het belangrike gevolge vir beplanning van dienslewering in die Provinsie – vir

die hede en die toekoms. Die werkloosheidsyfer in die provinsie staan op 20,9%, waarvan jeugdiges die ergste geraak word met 'n werkloosheidsyfer van 33,2%. Die gevolg is beperkte werkseleentehede en vaardigheid wat wanaangewend word. Aangesien die jeug die hartklop van 'n samelewing is, moet daadwerklike pogings aangewend word om voorkeur aan die jeug te skenk deur die ontwikkeling van vaardighede en voorsiening van ekonomiese geleentehede.

Die toename in grondbesettings het stremming op die bestaande infrastruktuur geplaas, met die gevolg dat minimum diensleweringstandaarde in sommige munisipaliteite nie nagekom word nie. Armoede en werkloosheid het steeds 'n negatiewe uitwerking op burgers se lewensomstandighede. As gevolg van al hoe minder hulpbronne, is die meeste munisipaliteite nie in staat om infrastruktuur in stand te hou nie en om voldoende hulpbronne vir die gemeenskap se behoeftes te voorsien nie. Die regering is onder volgehoue druk om burgers by dienslewering en begrotingsverwante aangeleentehede te betrek sowel as om betrokke te raak by inisiatiewe om geslagsgebaseerde geweld te bekamp en geslagsgelykheid aan te spreek.

Inflasie wat tot verhoogde lewenskostes lei beïnvloed burgers se lewens negatief, en raak veral arm en kwesbare gemeenskappe. Dit ongeag die feit dat die Suid-Afrikaanse Reserwebank in sy September 2023-vergadering die repokoers van 8,25% onveranderd gelaat het, die hoogste in 14 jaar.



## Tegnologiese Faktore

Die toenemende gebruik van tegnologie in die Vierde Industriële Revolusie (4IR) era, bied 'n magdom geleentehede vir transformasie wat sosio-ekonomiese voordele vir die Provinsie inhou. Daar is geen twyfel dat tegnologie die vermoë het om die armes te bemagtig deur vinniger toegang tot inligting, dienste en werkseleentehede om hul lewensomstandighede te verbeter.<sup>4</sup> Met die Provinsie wat homself as die toonaangewende digitale spilpunt in die land en die vasteland gevestig het, bied dit geleentehede wat tot voordeel van gemeenskappe ontgin moet word. Die sakewêreld, sowel as die regering, het die uitdaging aanvaar om vnuwende maniere te vind om dienste te lewer. Te midde van beurtkrag en beperkte hulpbronne is die plaaslike regering onder druk om stelsels vinnig te transformeer om te verseker dat hulle nie agterbly nie. Hierdie transformasie vind plaas deur tegnologie vir dienslewering, bestuursbesluitneming en bedryfsdoeltreffendheid te gebruik.

2. Wes-Kaapse Provinsiale Tesourie, *Provinsiale Ekonomiese Oorsig en Vooruitsig 2023*

3. Statistieke Suid-Afrika, *Statistiese vrystelling PO301.4, Sensus 2022, Oktober 2023*

4. Ndung'u, N en Signe, L (2020), *The Fourth Industrial Revolution and digitisation will transform Africa into a global power house.*

Om waarde aan die instelling en die inwoners te gee is munisipaliteite op verskillende vlakke van ontwikkeling as dit by die gebruik van die IKT kom. Gesien teen dié agtergrond het die Departement 'n driedigedige benadering aanvaar om munisipaliteite te ondersteun om die IKT-geleenthede te ontgin en aan te gryp. Om mee te begin is die benadering eerstens daarop gerig om strategiese leierskap vir besigheid te beïnvloed deur tegnologiese strategiese belyning en waardeskepping; tweedens moet dit verantwoordbaar wees vir goeie korporatiewe en operasionele bestuurspraktyke; en laastens, om spesifieke ondersteuningsinisiatiewe en -planne in te stel. Ondersteuning van munisipaliteite is uiters belangrik om diensuitnemendheid te bereik en voortdurend te verbeter deur besigheidsbelynde en beplande integrasie van besigheidspraktyke. Hier word gebruik gemaak van die IKT om waarde te skep en te monitor. Die OGSA en die DPR se Vergelykende Verslag en Aksieplanne 2020 tot 2023 (Junie 2023) dui drie kategorieë van munisipaliteite in die Provinsie aan wat ondersteuning op verskillende vlakke benodig:

**Bestuurskategorie 1:** munisipaliteite wie se bestuurstelsel en die IKT-ekosisteem te alle tye aan die strategiese bedoeling van die Beleid (2015) van waardeskepping voldoen.

**Bestuurskategorie 2:** munisipaliteite wat van tyd tot tyd afwykings in hul bestuurstelsel en die IKT-ekosisteem toon met die bedoeling van die Beleid (2015) van strategiese waardeskepping, wat maklik opgelos kan word.

**Bestuurskategorie 3:** munisipaliteite wat aanhoudend probleme ondervind om hul bestuurstelsel en die IKT-ekosisteem in ooreenstemming met die bedoeling van die Beleid van strategiese waardeskepping te bring.

Terwyl dit belangrik vir die Departement is om te help om Bestuurskategorie 3-munisipaliteite na Bestuurskategorie 2, en Bestuurskategorie 2 na bestuurskategorie 1 op te hef, sal munisipaliteite volgens versoeke en bepaalde behoeftes ondersteun word.



### Omgewingsfaktore

Die Provinsie ervaar die gevolge van klimaatsverandering. Dit het 'n direkte uitwerking op die waterweerbaarheidsvermoë van die Provinsie. Uitstekende werk word afgehandel vir 'n 15-jaar-waterweerstandspan vir die Wes-Kaap om die provinsie waterbestand te maak.

Onwettige grondbesettings dra ook by tot ramprisikoblootstelling van die Provinsie as gevolg van die ligging van die onwettige wonings in hoë risikogebiede, migrasiepatrone en algemene bevolkingsgroei. Die aantal rampvoorvalle in die land is 'n bewys dat klimaatsverandering meer gereelde en ernstige rampe meebring. Dit beklemtoon die belangrikheid van gekoördineerde, multisektorale beplanning om 'n veerkragtige infrastruktuur te bou om risiko te vermy en die provinsie vir ramprisiko's voor te berei. Die Wes-Kaap Provinsie word statisties geklassifiseer as die mees ramp-geneigde provinsie in die land. El Niño en sy eweknie, La Niña, is klimaatverskynsels wat beduidende uitwerkings op weerpatrone regoor die wêreld kan hê. Terwyl die Wes-Kaap in 'n streek is wat deur hierdie verskynsels beïnvloed word, kan die spesifieke uitwerking van El Niño wissel na gelang van die intensiteit en duur daarvan. El Niño is geneig om droë en warmer toestande na die provinsie te bring wat reënval kan verminder en tot langdurige droogteperiodes kan lei, wat weer die waterskaarste in die streek sal vererger. Verder kan die kombinasie van droë en warm toestande die risiko van veldbrande verhoog, aangesien laer grondvogtigheid en verdroogde plantegroei gunstige toestande vir brande skep. Dit is belangrik om te verstaan dat die spesifieke uitwerking op ramprisiko's in die Wes-Kaap van een El Niño-gebeurtenis tot 'n ander kan verskil, wat die behoefte verhoog om voort te gaan om weervoorspellings en klimaatstoestande vir rampgereedheid en reaksiepogings te monitor.

Alhoewel winterreën baie belangrik was, het die onlangse vloede waarskynlik die Landbousektor, wat 'n beduidende rol in die ekonomiese groei van die provinsie het, negatief beïnvloed. Beurtkrag het ook 'n uitwerking aangesien produksie (90 % produsente maak op Eskom staat), landbouverwerking, besproeiing en ander veebedryghede van elektrisiteit afhanklik is.

Veldbrande bly steeds 'n groot probleem in die provinsie. Dit hou nie net gevaar in vir die omgewing en eiendomme nie, maar menselewe is toenemend in gevaar tydens hierdie brande. Die gehalte van talle brandweerdienste in die provinsie, veral buite metropolitaanse gebiede, is kommerwekkend. As gevolg van die finansiële situasie van die meeste distriksmunisipaliteite is ou en uitgediende toerusting nie vervang nie. Vroeë opsporing en aanmelding van brande is uiters noodsaaklik om gevolge van ernstige brande tot die minimum te beperk. Dit, saam met 'n vinnige reaksie en 'n aanvanklike aanvalstrategie sal die kans om brande by die vroegste moontlike geleentheid te beheer en te onderdruk, verhoog.



## Regsomgewing

Verdere magte word in die Konsep Wysigingswetsontwerp vir die Monitoring en Ondersteuning van Munisipaliteite in die Wes-Kaap, 2023, voorgestel. Dit sal die Provinsiale Minister bemaagtig om munisipaliteite proaktief te monitor om risiko's verbonde aan bedrog, korrupsie, wanadministrasie en wanpraktyke betyds vas te stel en te hanteer.

Munisipaliteite ervaar aansienlike uitdagings om hoogs ervare individue te lok as gevolg van die beperkings wat op hoëvlak aanstellings gestel is. Dit kan tot 'n groter behoefte lei om waarnemende ampsdraers in vakante poste vir die Departement te ontplooi of te sekondeer.

Die bevoegdhede en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San Sake in die Provinsie is aan die Provinsiale Minister, verantwoordelik vir Plaaslike Regering, opgedra. Ingevolge daarvan word van die Departement verwag om die institusionele kapasiteit te verskaf om, onder andere, die wetgewing in werking te stel, die Kommissie oor Khoi-San-aangeleenthede se aktiwiteite te monitor, asook om die Premier oor die proses te adviseer.



## Ontleding van Belanghebbendes

Belanghebbende	Bydraes
Nasionale Regering	Bewaarders van belangrike wetgewing wat in die munisipale ruimte ingestel is.
Provinsiale Regering	Belangrike vennote om 'n funksionele plaaslike regering te ondersteun.
Plaaslike Regering: Munisipaliteite	Belangrike verskaffers van basiese dienste.
Privaatsektor	Belangrike rolspelers vir ekonomiese ontwikkeling.
Die gemeenskaplike samelewing	Neem deel aan die beplanning en ondersteun die instelling van die NOP, en monitor verskaffing van dienste deur die staat.
Gemeenskappe	Ontvangers van dienslewering deur die regering wat geraadpleeg moet word om te verseker dat regeringsbeleide aan hul behoeftes voldoen.
Akademie	Ondersteuning aan die departement deur opleiding, navorsing en vaardigheidsontwikkeling.
Oorsigliggame	Onafhanklike en grondwetlike liggame wat verantwoordelik is vir toesig en aanspreeklikheid.



## Geslagshoofstroming

Een van die hoofprioriteite van die regering is die bekamping van geslagsgebaseerde geweld en om geslagsgelykheid aan te spreek. Die programme en aktiwiteite van die Departement is op alle burgers gerig wat ondersteuning benodig en is op gelykheid in dienslewering gegrond. Die volgende tendens is opvallend in die verslaggewende data: Meer as 65% van mense wat toegang tot staatsdienste verkry deur die Thusong-program is vroue.

Die Departement, in vennootskap met Nature Conservation Co-operation (NCC) Environmental Services en die Chrysalis Akademie, is besig om 'n brandbetryderspan, wat uit vroue bestaan, vir veldbrande in te stel. Hierdie program poog om vrouebrandbetryders aan die beroep, wat tradisioneel deur mans oorheers word, bekend te stel, en hulle dan na drie maande in gemengde spanne in te sluit.

Onafhanklike forensiese ondersoekers is aangestel om geslagsgelykheid te verseker. Dit het daartoe gelei dat 50% van die aanstellings wat gemaak is, vroue was. Gedurende die 2022/23-boekjaar is 65% van die koste verbonde aan die aanstelling van onafhanklike forensiese ondersoekers aan vroue betaal.

Die Departement sal voortgaan om sy programme te monitor om te verseker dat hulle voorsiening maak vir kwesbare groepe in gemeenskappe.

## 8.2 Interne Omgewingsanalise (Organisatoriese Omgewing)

Van die 374 aktiewe poste teen die einde van 31 Maart 2023 in die Departement is 367 gevul wat 'n vakaturekoers van 1,9% gelaat het.

### Indiensneming en vakatures volgens program, soos op 31 Maart 2023

Program	Aantal aktiewe poste	Aantal gevul	Vakaturekoers %
Program 1	63	63	-
Program 2	254	250	1.6
Program 3	57	54	5.3
Totaal	374	367	1.9

Die Rampbestuursentrum neem die leiding vir geïntegreerde en gekoördineerde reaksie op enige rampvoerval wat in die Provinsie mag voorkom. Dit is grootliks as gevolg van die infrastruktuur wat oor jare ontwikkel is om integrasie te verseker. Die Sentrum was vir jare lank in 'n gebou op die perseel van die Tygerberg-hospitaal gehuisves. Die beplande verskuiwing van die Tygerberg-hospitaal beteken dat die Rampbestuursentrum sal moet hervestig om vir die nuwe Tygerberg-hospitaalkompleks plek te maak. Die Sentrum se vermoë om potensiele rampe gedurende die tydperk van hervestiging, suksesvol te hanteer, sal ernstig in die gedrang wees. Alhoewel die Departement van Plaaslike Regering en die Departement van Gesondheid en Welstand ooreengekom het om 'n praktiese oplossing te vind, kan hervestiging na 'n alternatiewe perseel duur en tydrawende wees. Dit sal die Sentrum se riglyn vir nakoming van die minimum infrastruktuurvereistes vir rampbestuursentrums (kenningsgewing 416 van 2017) soos uitgereik deur die Nasionale Rampbestuursentrum (NRBS), nadelig kan beïnvloed.

Die begrotingbesnoeiings oor die jare was nadelig vir die Departement aangesien dit reeds die 2024-MTUR Jaarlikse Prestasieplan (JP) met verminderde uitsette ingegaan het. Die Departement was genoodsaak om uifers selektief te wees om sy grondwetlike mandaat, soos bepaal in Artikel 155(6) van die Grondwet, na te kom, naamlik om plaaslike regering te ondersteun en die ontwikkeling van plaaslike regeringskapasiteit te bevorder om munisipaliteite te bemagtig om hul funksies te verrig en hul eie sake te bestuur.

Aangesien die fiskus steeds krimp, onder meer as gevolg die wêreldwye ekonomiese risiko's, plaaslike makro-ekonomiese risiko's en die onderinvordering van inkomste, is dit nie net ons finansiële vermoëns wat onder druk geplaas word nie, maar ook ons mees waardevolle hulpbron, ons personeel. Personelede is ewe angstig en senuweeagtig oor die onvolhoubare omgewing waarin daar van hulle verwag word om met minder hulpbronne, meer te lewer. Die huidige stand van sake bring nie net die Departement se mandaat, strategie, verpligtinge, en goeie bestuursrekord in gedrang nie, maar ook sy dienslewering aan landsburgers, wat 'n negatiewe invloed op hul lewens het. Vernuwings, verbetering van doeltreffendheid en effektiwiteit, beperkings op die VvW-uitgawes en aantal personeel, verminderde projekbefondsing, mede-finansiering op sekere projekte, en verminderde bedryfsbegrotings is ingestel om die beperkings op sy wetgewende mandaat en dienslewering te hanteer. As gevolg van die bekendstelling van nuwe wetgewing en wysigings aan bestaande wetgewing, brei die Departement se omvang van werk, nieteenstaande bogenoemde, steeds uit, grootliks om die disfunksionele toestand van plaaslike regerings in die land te bekamp. Die toekenning van bykomende rolle en verantwoordelikhede geskied ten spyte van die beginsel van "fondse volg funksie".

## 8.3 Ooreenstemming met Nasionale en Provinsiale prioriteite

Die Departement se prioriteite word deur die nasionale, provinsiale en plaaslike regering se prioriteite bepaal

### 8.3.1 Ooreenstemming met Mediumtermyn Strategiese Raamwerk

Met die Mediumtermyn Strategiese Raamwerk (MTSR) moet in die konteks van die Departement wat met die Provinsiale Strategiese Plan van die Wes-Kaapse Regering belyn is, soos in die tabel hieronder uiteengesit, beskou word.

	MTSF Prioriteite	Provinsiale Strategiese Prioriteite	DPR Beleidsingrypings
1	Skep 'n bekwame, etiese en ontwikkelende omgewing	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie</li> <li>• Vernuwing, kultuur en bestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (GDMB)</li> <li>• Burgerkoppelvlak – Ontplooiing van opvoeding van burgers</li> <li>• Versterking van bestuur en aanspreeklikheid</li> </ul>
2	Ekonomiese transformasie en werkskepping	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Ontwikkeling van werksgeleenthede</li> <li>• Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie</li> <li>• Vernuwing, kultuur en bestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Goeie munisipale bestuur en funksionaliteit</li> <li>• Provinsiale Rampbestuursraamwerk – versterk vermoëns vir Munisipale Rampbestuur</li> <li>• Bou en instandhouding van infrastruktuur</li> <li>• Skep 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese groei deur veerkragtigheid van waterhulpbronne – 15-jaar Wes-Kaapse Waterweerbaarheidsplan (WKWWP)</li> <li>• Programme in vennootskap met die DEBET oor die bekendstelling van die Munisipale program vir Energieveerkragtigheid (MEVP)</li> <li>• Vennootskap met die Franse Ontwikkelingsagentskap (AFD) om vernuwing vir infrastruktuur vir Finansierings- en strategieë en -modelle vir instelling te ondersoek</li> </ul>
3	Onderwys, vaardighede en gesondheid	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Welstand</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versterk burger-koppelvlak – naskoolse sorg met behulp van Thusong-sentrums</li> <li>• Nagraadse munisipale internskappe</li> </ul>
4	Konsolidering van die maatskaplike loon deur betroubare en basiese dienste van gehalte	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Welstand</li> <li>• Verbetering van veiligheids-infrastruktuur in openbare ruimtes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verhoog veiligheid van openbare ruimtes</li> <li>• Burger-koppelvlak</li> <li>• Verbeter toegang tot basiese dienste deur die MIT-program</li> </ul>
5	Ruimtelike integrasie, menslike nedersettings en plaaslike regering	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Welstand</li> <li>• Verbetering van veiligheids-infrastruktuur in openbare ruimtes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (GDMB)</li> <li>• Burgerkoppelvlak – Ontplooiing van burgerlike onderwys</li> <li>• Bemagtig bestuur en aanspreeklikheid</li> </ul>
6	Sosiale samehorigheid en veilig	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Welstand</li> <li>• Verbetering van veiligheids-infrastruktuur in openbare ruimtes</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versterk burgerkoppelvlak</li> <li>• Gesamentlike Distrik- en Metrobenadering (GDMB)</li> <li>• Bemagtig bestuur en aanspreeklikheid</li> <li>• Meesterplanne vir Infrastruktuur</li> <li>• Geïntegreerde strategie vir brand- en lewensveiligheid</li> </ul>



	MTSF Prioriteite	Provinsiale Strategiese Prioriteite	DPR Beleidsingrypings
7	'n Beter Afrika en wêreld	<ul style="list-style-type: none"> <li>Groei vir werksgeleenthede</li> <li>Infrastruktuur en gekoppelde ekonomie</li> <li>Vernuwing, Kultuur en Bestuur</li> </ul>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Provinsiale Rampbestuursraamwerk – Versterking van Munisipale Rampbestuurskapasiteit</li> <li>Bou en instandhouding van infrastruktuur</li> <li>Skep 'n bemagtigende omgewing vir ekonomiese groei deur veerkragtigheid van waterhulpbronne – die 15-jaar Wes-Kaap Waterweerbaarheidsplan (WKWWP)-programme</li> </ul>

### 8.3.2 Wes-Kaapse Regering Provinsiale Prioriteite

Benewens sy wetgewende mandaat, dra die Departement by tot die ingrypings van beleidsprioriteite van die WKR. Ons huidige bydrae kan in die tabel hieronder opgesom word.

Prioriteit	Ingrypings
<b>Veiligheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Koördineer effektiewe rampbestuur in die Provinsie</li> <li>Voed gemeenskappe op oor ramprisiko's en migrasiemaatreëls deur bewusmakingsveldtogte oor gevare</li> <li>Doen beoordeling van risiko- en kwesbaarheid om te bepaal watter gemeenskappe in gevaar verkeer en ontwikkel strategieë om risiko te verminder</li> <li>Verhoog openbare veiligheid deur hoë-masbeligting te voorsien</li> </ul>
<b>Groei vir werksgeleenthede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Geleenthede deur die Gemeenskapswerkprogram geskep</li> <li>Bemiddel belegging in infrastruktuur deur die MIT wat werkskepping ondersteun</li> <li>Versnel die program vir volhoubare infrastruktuurontwikkeling en -finansiering (infrastruktuurlewering)</li> <li>Watersekuriteit en veerkragtigheid as deel van die Provinsiale Waterweerbaarheidsplan (15-jaar WKGDWRP) (Watersekerheid)</li> <li>Dra by en ondersteun die Energiesekuriteitsprogram in die Provinsie</li> <li>Program vir Volhoubare Infrastruktuurontwikkeling en Finansiële Fasiliteit (OVIFF)</li> </ul>
<b>Welstand</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Verbetering van toegang tot regeringsdienste deur die Thusong-program – Thusong-dienssentrums en -uitreike, en sosio-ekonomiese ontwikkelingsprojekte soos sentrums vir huiswerk</li> <li>Verbeter toegang tot basiese dienste deur die MIT-program</li> </ul>
<b>Vernuwing, Kultuur en Bestuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>Goedbestuurde munisipaliteite deur toesig, kapasiteitsbou en bestuursvermoë</li> <li>Beplanning en Bestuur</li> <li>Goedbestuurde munisipaliteite</li> <li>Geïntegreerde reaksie op grondbesetting</li> <li>Ontwikkeling, hersiening en wysiging van die GOP's sowel as onderhandelinge vir openbare deelname</li> </ul>

### Interregeringsverhoudinge: Vertikale en Horisontale Samewerking

Die Departement speel ook 'n belangrike rol om strukture in verskeie Interregeringverhoudinge (IRV) te koördineer sowel as in belangrike Provinsiale Strategiese Prioriteite van die Wes-Kaapse Regering (WKR). Dit bied 'n geleentheid vir die Departement om besprekings en projekte met betrekking tot die tematiese aspekte van begrotings op plaaslike regeringsvlak te bemiddel.

## 8.3.4 Departementele Prioriteite

Die Departement is by die volgende transversale inisiatiewe betrokke – sommige hiervan word deur die Departement gelei en in sommige gevalle is die Departement 'n belangrike belanghebbende.

Prioriteit	Fokusarea
<b>Munisipale Bestuur</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Handhaaf goeie bestuur in munisipaliteite wat swak presteer</li> <li>• Versag die skok van munisipale rade wat in koalisie gaan en die 2024 Nasionale en Provinsiale verkiesings</li> <li>• Bedrog, korrupsie en wanadministrasie</li> </ul>
<b>Burger-koppelvlak</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeter toegang tot staatsdienste en inligting</li> <li>• Versterk openbare deelname</li> <li>• Versterk kommunikasie in munisipaliteite</li> <li>• Stel sosio-ekonomiese projekte in gemeenskappe in</li> </ul>
<b>Munisipale Infrastruktuur-ontwikkeling</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Versterk infrastruktuurbeplanning, ontwikkeling en instandhouding</li> <li>• Lewer volhoubare en verbeterde dienslewering aan burgers</li> </ul>
<b>Water-weerstandigheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Bepaal en verskaf toerusting van nuwe waterbronne (putveld)</li> <li>• Verminder waterverliese, stel 15-jaar-waterplan in</li> <li>• Verbeter bestuur en instandhouding van waterbronne</li> <li>• Verbeter/brei die tegniese vermoë van munisipaliteite uit</li> <li>• Ontwikkel en keur 'n plan goed om watervolhoubaarheid vir die medium- en langer termyn te verseker</li> </ul>
<b>Energie veerkragtigheid</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Energie Meesterplanne</li> <li>• Streef na dorpe met geen-kragonderbrekings</li> </ul>
<b>Rampveerkragtigheid/klimaatverandering</b>	<p>Versterk vermoëns om rampe te hanteer</p> <ul style="list-style-type: none"> <li>• Skep bewustheid van gevaar</li> <li>• Bepaal risiko- en kwesbaarheid</li> <li>• Oudiovisuele infrastruktuur vir Rampbestuursentrum</li> <li>• Kapasiteitsbou en opleiding</li> <li>• Reageer op ernstige voorvalle/brande/gevaar</li> </ul>
<b>Verhoogde veldbrandverligting en kapasiteit vir optrede</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Verbeterde kapasiteit</li> <li>• Verbeterde geïntegreerde veldbrandbestuur</li> </ul>
<b>Khoi San-wetgewing: instelling</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• Skep institusionele kapasiteit om die werk van die Kommissie vir Khoi-San-aangeleenthede te monitor, doen navorsing vir beleidsontwikkeling en erkenning vir Khoi-San-leiers en gemeenskap</li> </ul>
<b>Geïntegreerde dienslewering t.o.v die VIP 5</b>	<ul style="list-style-type: none"> <li>• 'n Konsep Geïntegreerde Bestuursraamwerk is ontwikkel, wat daarop gemik is om die koppelvlak tussen die regeringsfere, verskeie belanghebbendes en gemeenskappe verder te versterk</li> </ul>



# ONS STRATEGIESE FOKUS

---

# Deel C



## METING VAN ONS PRESTASIE

## Programstruktuur van Begroting

### Plaaslike Regering se Programstruktuur

<b>Administrasie</b>	1.1	Kantoor van die LUR
	1.2	Korporatiewe Dienste
<b>Plaaslike Bestuur</b>	2.1	Munisipale Administrasie
	2.2	Openbare Deelname
	2.3	Kapasiteitsontwikkeling
	2.4	Munisipale Prestasiemonitering, Verslagdoening en Evaluering
	2.5	Diensleweringintegrasie
	2.6	Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram
<b>Ontwikkeling en Beplanning</b>	3.1	Munisipale Infrastruktuur
	3.2	Rampbestuur
	3.3	Geïntegreerde Ontwikkelingsbeplanning
<b>Tradisionele Institusionele Bestuur<sup>5</sup></b>	4.1	Tradisionele Institusionele Administrasie

## Departementele impakverklarings en uitkomst

### Departementele impakverklarings

#### Die Departement het vier impakverklarings bepaal

<b>Impakverklaring 1:</b>	'n Hoë-prestasie departement.
<b>Impakverklaring 2:</b>	'n Doeltreffende, verantwoordbare en instaatstellende plaaslike regering om ekonomiese groei en dienslewering te bevorder.
<b>Impakverklaring 3:</b>	Aktiewe burgerskap, vermindering van armoede en verbeterde sosiale welstand.
<b>Impakverklaring 4:</b>	'n Rampbestande Provinsie.

## Departementele uitkomst

### Die volgende is agt departementele uitkomst:

<b>Uitkoms 1:</b>	Goedbestuurde departement wat programme bemagtig om hul mandate te lewer.
<b>Uitkoms 2:</b>	Goedbestuurde munisipaliteite met doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture.
<b>Uitkoms 3:</b>	Data- en kennisbestuursentrum wat besluitneming, beplanning en begrotingstoewysing binne plaaslike regering inlig.
<b>Uitkoms 4:</b>	Voorsiening en instandhouding van infrastruktuur vir infrastruktuurgeleide ekonomiese groei.
<b>Uitkoms 5:</b>	Verbeterde koppelvlak tussen regering en burgers.
<b>Uitkoms 6:</b>	Vermindering van armoede.
<b>Uitkoms 7:</b>	Verbeterde geïntegreerde beplanning, begroting en instelling.
<b>Uitkoms 8:</b>	Veiliger, veerkragtige gemeenskappe en volhoubare ontwikkeling.

5. Die Departement het Program 4, Tradisionele Institusionele Bestuur, in werking gestel. Die bevoegdheid en funksies met betrekking tot Tradisionele en Khoi-San-sake in die Provinsie is aan die Provinsiale Minister vir Plaaslike Regering toegeken. Vir hierdie doel sal daar van die Departement verwag word om institusionele kapasiteit te skep om hierdie verantwoordelikheid in te stel. • Die Departement se Begrotingsprogramstruktuur voldoen aan die Nasionale Struktuur vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, met die volgende uitsonderings: Munisipale Finansies Subprogram (Ingevolge Program 2: Plaaslike Bestuur) word vervat in die Departement Provinsiale Tesourie. Diensleweringintegrasie en Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram is aanvullend tot die nasionale struktuur: Subprogram Plaaslike Ekonomiese Ontwikkeling (vervat Program 3: Ontwikkeling en Beplanning) en word deur die Departement Ekonomiese Ontwikkeling en Toerisme en die Subprogram Ruimtelike Beplanning (onder Program: Ontwikkeling en Beplanning) deur die Departement Omgewingsake en Ontwikkelingsbeplanning behandel.

## 9. Institusionele prestasie-inligting

### 9.1 Program 1: Administrasie

**Doel:** Om in ooreenstemming met alle toepaslike wette en beleide algehele bestuur in die Departement te voorsien.

#### 9.1.1 Subprogram: Korporatiewe Dienste

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Goed-beheerde departement wat programme bemaatig om hul mandate te lewer	1. Voldoening aan relevante wetgewende raamwerk vir beplanning/begroting en verslagdoening	1.1 Nakomingsvlak aan die wetgewende raamwerk vir beplanning en verslagdoening	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%
		1.2 Voldoeningsvlak aan finansiële wetgewende raamwerk	100%	100%	100%	100%	100%	100%	100%

#### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
1.1	Nakomingsvlak aan die wetgewende raamwerk vir beplanning en verslagdoening	100%	100%	100%	100%	100%
1.2	Voldoeningsvlak aan finansiële wetgewende raamwerk	100%	100%	100%	100%	100%

### Program 1:

#### Verduideliking van prestasie vir die medium-termyn tydperk

**Uitkoms 1: 'n Goedbestuurde departement wat programme in staat stel om hul mandate na te kom,** is in die Wet op Openbare Finansiële Bestuur ingesluit, en is die vereiste vir die Departement om te verseker dat belastingbetalersgeld gebruik word om die doelwitte van die regering na te kom. Om te verseker dat dit bekwaam en doeltreffend gedoen word, is beplannings-, begrotings- en verslagdoeningsraamwerke deur die Nasionale Tesourie en die Departement van Beplanning, Monitering en Evaluering ontwikkel. Hierdie raamwerke poog om leiding aan departemente te gee om goeie bestuur te verseker. 'n Verantwoordbare en bekwaame departement is uiters belangrik om aan die behoeftes van hierdie Provinsie se burgers te voldoen. Goeie bestuur is 'n belangrike bepaler van 'n verantwoordbare en wat in Suid-Afrika gemeet word deur nakoming van verskeie voorskrifte neerlê vir beplanning en verslagdoening oor

sake soos begrotings en menslike hulpbronne. Dit word verder deur prestasies van ongekwalifiseerde oudits bepaal.

#### Prestasies het, tot op hede, die volgende ingesluit:

- Die Departement het sy tiende agtereenvolgende ongekwalifiseerde ouditmening sonder bevindinge van die Ouditeur-generaal Suid-Afrika ontvang.
- Oor die afgelope 4 jaar het die Departement gemiddeld 97% van sy beplande doelwitte behaal en meer as 95% van sy toegekende begroting benut.
- Gedurende die MTUR sal die Departement voortgaan om sy stelsels te hersien en te verbeter om te verseker dat die beste moontlike ondersteuning aan munisipaliteite verskaf word.



# METING VAN ONS PRESTASIE

## Hulpbronorwegings vir die Program

### Program 1: Administrasie

#### Opsomming van betalings en ramings – Program 1: Administrasie

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof- toe- wysing	Aange- paste toe- wysing	Hersiene bera- ming	Mediumtermyn beraming			
	Geou- diteer	Geou- diteer	Geou- diteer					% Veran- dering van Hersiene beraming		
	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	2024/25	2023/24	2025/26	2026/27
2. Korporatiewe Dienste	51 754	50 589	52 933	53 463	53 062	52 695	54 913	4,21	57 009	60 118
<b>Totale betalings en beramings</b>	<b>51 754</b>	<b>50 589</b>	<b>52 933</b>	<b>53 463</b>	<b>53 062</b>	<b>52 695</b>	<b>54 913</b>	<b>4,21</b>	<b>57 009</b>	<b>60 118</b>

#### Opsomming van betalings en beramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 1: Administrasie

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoof- toe- wysing	Aange- paste toe- wysing	Hersiene bera- ming	Mediumtermyn beraming			
	Geou- diteer	Geou- diteer	Geou- diteer					% Veran- dering van Hersiene beraming		
	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	2024/25	2023/24	2025/26	2026/27
Huidige betalings	47 075	44 935	47 254	49 000	47 606	47 226	50 877	7,73	53 569	56 486
Vergoeding van werknemers	33 352	34 760	35 702	37 551	36 523	36 195	38 897	7,47	42 429	44 815
Produkte en dienste	13 723	10 175	11 552	11 449	11 083	11 031	11 980	8,60	11 140	11 671
<b>Oordragte en subsidies</b>	<b>37</b>	<b>57</b>	<b>52</b>	<b>6</b>	<b>88</b>	<b>101</b>	<b>6</b>	(94,06)	<b>6</b>	<b>6</b>
Departementele agentskappe en rekeninge	3	6	6	6	6	6	6		6	6
Huishoudings	34	51	46		82	95		(100,00)		
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>4 640</b>	<b>5 594</b>	<b>5 602</b>	<b>4 408</b>	<b>5 319</b>	<b>5 319</b>	<b>3 931</b>	(26,10)	<b>3 331</b>	<b>3 518</b>
Masjinerie en toerusting	4 640	5 594	5 602	4 408	5 319	5 319	3 931	(26,10)	3 331	3 518
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>2</b>	<b>3</b>	<b>25</b>	<b>49</b>	<b>49</b>	<b>49</b>	<b>99</b>	102,04	<b>103</b>	<b>108</b>
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>51 754</b>	<b>50 589</b>	<b>52 933</b>	<b>53 463</b>	<b>53 062</b>	<b>52 695</b>	<b>54 913</b>	<b>4,21</b>	<b>57 009</b>	<b>60 118</b>

### Ontleding van bestedingstendense

Die Program se 2023/24-begrotingstoekenning het met 1,87 persent van die hersiene ramings vir die 2022/23-boekjaar afgeneem. Die afname in die 2023/24 finansiële jaar is hoofsaaklik te wyte aan die bykomende fondse wat in die 2022/23 finansiële jaar vir opknapping van die Gemeenskapsontwikkelingwerkersprogram se Inligtingstegnologie toegeken is. Verder maak die begroting vir operasionele vereistes, vulling van vakante poste sowel as die VvW vir salarisvlakke 1-16 voorsiening.

Goedere en dienste het met 7,2 persent gedaal wat aan herbelyning van die Gesamentlike Distrik- en Metrobenaderingstoewysing van Program 1 na Program 2 vir dieselfde doel toegeskryf word, asook verminderde kostes vir voertuigdienste.

Die 25,83 persent afname van betalings vir kapitaalbates is vir bykomende fondse wat vir die 2022/23 finansiële jaar vir die IT-toerusting gedurende die 2021/22 finansiële jaar toegewys is, maar nie voor jaareinde betaal kon word nie.

## 9.2 Program 2: Plaaslike Bestuur

**Doel:** Die bevordering van lewensvatbare en volhoubare ontwikkelingsgerigte plaaslike bestuur, geïntegreerde en volhoubare beplanning en gemeenskapsdeelname aan ontwikkelingsprosesse.

### 9.2.1(a) Subprogram: Munisipale Administrasie: Munisipale Bestuur

**Doel:** Om bestuurs- en ondersteuningsdienste, binne 'n regulatoriese raamwerk, aan plaaslike regering te verskaf.

#### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Goed-bestuurde munisipaliteite as gevolg van doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture	2.1 Munisipaliteite wat toepaslike wetgewing en bestuursvoorskrifte nakom	2.1.1(a) Aantal wetgewing-ontwikkelingsinisiatiewe wat ingestel is <sup>6</sup>	4	4	4	4	4	4	4
		2.1.2(a) Aantal evaluerings van Senior Bestuursaanstellings ooreenkomstig wetlike voorskrifte gedoen	14	21	37	30	20	30	15
		2.1.3(a) Aantal evaluerings wat van Munisipale Openbare Rekeningkomitees (OMRK's) gedoen is	10	10	10	10	10	10	10
		2.1.4(a) Gedragskodegevalle wat ondersoek is om nakoming van wetgewing te verseker	0	1	4	10	10	6	6
		2.1.5(a) Aantal regsondersteuningsinisiatiewe wat aan munisipaliteite verskaf is om munisipale bestuur te versterk	9	5	9	8	8	8	8

6. Nota van toepassing op Aanwysers 2.1.1, 2.1.2 en 2.1.4: (Die finale uitset kan verskil van die beplande doelwit aangesien hierdie aanwysers vraaggedrewe is)

# METING VAN ONS PRESTASIE

## Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.1.1(a)	Aantal wetgewing-ontwikkelingsinisiatiewe wat ingestel is	4	-	-	-	4
2.1.2(a)	Aantal evaluerings van Senior Bestuursaanstellings ooreenkomstig wetlike voorskrifte gedoen	20	-	-	-	20
2.1.3(a)	Aantal evaluerings wat van Munisipale Openbare Rekeningkomitees (OMRK's) gedoen is	10	-	3	3	4
2.1.4(a)	Gedragkode-gevalle wat ondersoek is om nakoming van wetgewing te verseker	10	-	-	-	10
2.1.5(a)	Aantal regsondersteuningsinisiatiewe wat aan munisipaliteite verskaf is om munisipale bestuur te versterk	8	-	-	-	8

## Sektor-voorgeskrewe Aanwysers vir Jaarlikse Doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwitte						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
<b>SPI:1</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word in die aanstelling van senior bestuurders volgens die MSW-regulasies (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	29	30	30	30	30	30	30
<b>SPI:2</b>	Aantal munisipaliteite wat gemonitor word oor die mate waartoe teenkorrupsiemaatreëls ingestel word (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	30	30	30	30	30	30	30

## Sektoraanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:1</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word in die aanstelling van senior bestuurders volgens die MSW-regulasies (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	30	-	-	-	30
<b>SPI:2</b>	Aantal munisipaliteite wat gemonitor word oor die mate waartoe teenkorrupsiemaatreëls ingestel word (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	30	-	-	-	30

## 9.2.1(b) Subprogram: Munisipale Administrasie: Gespesialiseerde Ondersteuning

**Doel:** Om bestuurs- en ondersteuningsdienste aan plaaslike regering binne 'n regulatoriese raamwerk te verskaf.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Goed-bestuurde munisipaliteite as gevolg van doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture	2.1.1(b) Evaluerings en ondersoeke van bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke en formele geregverdigde of vereiste provinsiale ingrypings ingevolge artikel 139 van die Grondwet	2.1.1(b) Kwartaallikse verslae van evaluerings en ondersoeke met betrekking tot bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke	4	4	4	4	4	4	4
		2.1.2(b) Jaarverslag van formele geregverdigde of vereiste provinsiale ingrypings ingevolge Artikel 139 van die Grondwet	1	1	1	1	1	1	1

### Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.1.1(b)	Kwartaallikse verslae van evaluerings en ondersoeke met betrekking tot bewerings van wanadministrasie, bedrog, korrupsie of enige ander ernstige wanpraktyke	4	1	1	1	1
2.1.2(b)	Jaarverslag van formele geregverdigde of vereiste provinsiale ingrypings ingevolge Artikel 139 van die Grondwet	1	-	-	-	1

## 9.2.2 Subprogram: Openbare Deelname

**Doel:** Om die koppelvlak tussen die regering en burgers vir maksimum dienslewering deur openbare deelname te versterk.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Verbeterde koppelvlak tussen regering en burgers	2.2(a) Aksies ingestel en gemonitor om burgerkoppelvlak te verbeter	2.2.1(a) Aantal ondersteuningsaksies om burgerkoppelvlak te verbeter	5	5	6	6	5	5	5
		2.2.2(a) Aantal munisipaliteite wat met kommunikasieprogramme ondersteun word	30	18	30	24	24	24	24
Goedbestuurde munisipaliteite as gevolg van doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture	2.2(b) Aksies ingestel en ondersteun om Geslagsintegrasie en Menseregte in munisipaliteite te verbeter	2.2.1(b) Aantal ondersteuningsaksies om Geslagsintegrasie en Menseregte in munisipaliteite te verbeter	3	3	3	4	4	4	4

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.2.1(a)	Aantal ondersteuningsaksies om burgerkoppelvlak te verbeter	5	1	2	1	1
2.2.2(a)	Aantal munisipaliteite wat met kommunikasieprogramme ondersteun word	24	-	5	10	9
2.2.1(b)	Aantal ondersteuningsaksies om Geslagsintegrasie en Menseregte in munisipaliteite te verbeter	4	-	2	-	2

# METING VAN ONS PRESTASIE



## Sektor-voorgeskrewe Aanwysers vir Jaarlikse Doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwitte						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
<b>SPI:3</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele wykskomitees in stand te hou (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	24	24	24	24	24	24	24
<b>SPI:4</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om deelname aan gemeenskapsgebaseerde plaaslike bestuursprosesse te bevorder (Prioriteit 1: Bekwame, Etiese en Ontwikkelende Staat) (Prioriteit 6 MTUR-aanwyser: Sosiale samehorigheid en veiliger gemeenskappe)	-	2	3	3	3	3	3
<b>SPI:5</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om gemeenskapskwessies op te los	5	1	1	1	1	1	1
<b>SPI:6</b>	Verslag van aantal werksgeleenthede as gevolg van die Gemeenskapswerkprogram (GWP) (MTSR 2019-2024, Prioriteit 2)	-	16 144	16 689	17 700	16 647	16 647	16 647

## Sektoraanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:3</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om funksionele wykskomitees in stand te hou (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	24	5	10	5	4
<b>SPI:4</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om deelname aan gemeenskapsgebaseerde plaaslike bestuursprosesse te bevorder (Prioriteit 1: Bekwame, Etiese en Ontwikkelende Staat) (Prioriteit 6 MTUR-aanwyser: Sosiale samehorigheid en veiliger gemeenskappe)	3	-	-	-	3
<b>SPI:5</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun word om gemeenskapskwessies op te los	1	-	-	-	1
<b>SPI:6</b>	Verslag van aantal werksgeleenthede as gevolg van die Gemeenskapswerkprogram (GWP) (MTSR 2019-2024, Prioriteit 2)	16 647	16 647	16 647	16 647	16 647

- Hierdie aanwyser sal gedek word deur projekte onder die provinsiale aanwyser (Aantal ondersteuningsaksies om burgerkoppelvlak te verbeter)
- Alle munisipaliteite in die WK beskik oor bestuurstelsels vir klagtes, die Departement sal die Munisipale Kommunikasie-forums gebruik om vordering van hierdie stelsels te monitor en/of indien fondse beskikbaar is, 'n munisipaliteit finansiële ondersteun om sy huidige stelsel te verbeter.



## 9.2.3 Subprogram: Kapasiteitsontwikkeling

**Doel:** Om munisipaliteite te bemagtig om doeltreffende dienste te lewer.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Goed-bestuurde munisipaliteite deur doeltreffende en effektiwe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture	2.3 Kapasiteitbou-strategieë in munisipaliteite vir verbeterde dienslewering ingestelr	2.3.1 Aantal programme wat ingestel is om die kapasiteit van munisipaliteite te verbeter	3	3	3	3	3	3	3
		2.3.2 Monitor voldoening aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling	1	1	1	1	1	1	1
		2.3.3 Aantal opleidings- en ontwikkelingsprogramme wat in munisipaliteite ingestel is	3	3	3	2	2	2	2

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.3.1	Aantal programme wat ingestel is om die kapasiteit van munisipaliteite te verbeter	3	-	-	1	2
2.3.2	Monitor voldoening aan die Wet op Vaardigheidsontwikkeling	1	-	-	-	1
2.3.3	Aantal opleidings- en ontwikkelingsprogramme wat in munisipaliteite ingestel is	2	-	-	-	2

# METING VAN ONS PRESTASIE



## Sektor-voorgeskrewe Aanwysers vir Jaarlikse Doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwitte						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
<b>SPI:7</b>	Aantal kapasiteitsbou-ingrypings wat in munisipaliteite gedoen is (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Pioriteit 1) (B2B-pilaar 5) <sup>9</sup>	3	3	3	3	3	3	3
<b>SPI:8</b>	Aantal munisipaliteite wat leiding ontvang het om aan die MEBW te voldoen (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B Pilaar 4)	25	25	25	25	25	25	25
<b>SPI:9</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun is om die prestasiebestuurstelsel (PMS) te institusionaliseer (gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	4	4	4	4	29	29	29

## Sektoraanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:7</b>	Aantal kapasiteitsbou-ingrypings wat in munisipaliteite gedoen is (Gekoppel aan die MEBW 2019-2024, Pioriteit 1) (B2B-pilaar 5) 9	3	-	-	1	2
<b>SPI:8</b>	Aantal munisipaliteite wat leiding ontvang het om aan die MEBW te voldoen (Gekoppel aan die MEBW 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B Pilaar 4)	25	25	-	25	-
<b>SPI:9</b>	Aantal munisipaliteite wat ondersteun is om die prestasiebestuurstelsel (PMS) te institusionaliseer (gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1)	29	-	-	-	29

9. Hierdie aanwyser is direk aan die Provinsiale aanwyser gekoppel (Getal programme wat ingestel is om munisipaliteite se kapasiteit te verbeter)

# METING VAN ONS PRESTASIE

## 9.2.4 Subprogram: Munisipale Prestasiemonitering, Verslagdoening en Evaluering

**Doel:** Om munisipale prestasie te monitor en te evalueer.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
Data- en Kennis-bestuur-sentrum wat besluit-neming, beplanning en begroting-toewysings binne plaaslike regering inlig	2.4 Departemente en Munisipale Data-bewaarplek	2.4.1 'n Enkele bewaarplek om inligting van gevestigde munisipaliteite te bestuur en versprei	2	Ont-wikkeling van 'n enkele data-bewaarplek	Instelling van 'n enkele data-bewaarplek	Instelling van 'n enkele data-bewaarplek	Instelling van 'n enkele databewaarplek		
		2.4.2 Aantal verslae voorsien wat insae gee oor munisipale status en funksionering	2	4 Status-verslae	4	4	4	4	4
		2.4.3 Aantal programme wat ingestel is om die GIS in die munisipale sfeer te institusionaliseer	2	2	2	2	2	2	2
		2.4.4 Aantal programme wat ingestel is om die IKT in die munisipale sfeer te institusionaliseer	2	2	2	2	2	2	2

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.4.1	'n Enkele bewaarplek om inligting van gevestigde munisipaliteite te bestuur en versprei	Instelling van 'n enkele data-bewaarplek	-	-	-	Instelling van 'n enkele data-bewaarplek
2.4.2	Aantal verslae voorsien wat insae gee oor munisipale status en funksionering	4	1	1	1	1
2.4.3	Aantal programme wat ingestel is om die GIS in die munisipale sfeer te institusionaliseer	2	-	-	1	1
2.4.4	Aantal programme wat ingestel is om die IKT in die munisipale sfeer te institusionaliseer	2	-	1	-	1

# METING VAN ONS PRESTASIE



## Sektor-voorgeskrewe Aanwysers vir Jaarlikse Doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwitte						
		Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
		2020/ 21	2021/ 22	2022/ 23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/ 25	Jaar 2: 2025/ 26	Jaar 3: 2026/ 27
<b>SPI:10</b>	Aantal munisipaliteite wat oor die instelling van hulpbehoewende beleide (Sub-uitkoms 1) (B2B Pilaar 2) gemonitor is	6	4	4	4	4	4	4
<b>SPI:11</b>	Aantal Artikel 47-verslae saamgestel soos deur die MSW voorgeskryf (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5)	1	1	1	1	1	1	1

## Sektoraanwysers, Jaarlikse en Kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
<b>SPI:10</b>	Aantal munisipaliteite wat oor die instelling van hulpbehoewende beleide (Sub-uitkoms 1) (B2B Pilaar 2) gemonitor is	4	-	-	2	2
<b>SPI:11</b>	Aantal Artikel 47-verslae saamgestel soos deur die MSW voorgeskryf (Gekoppel aan die MTSR 2019-2024, Prioriteit 1) (B2B-pilaar 5)	1	-	-	1	-

# METING VAN ONS PRESTASIE

## 9.2.5 Subprogram: Dienslewering-integrasie

**Doel:** Om die Thusong-program te bestuur en samewerkende regering tussen die drie sferes van regering te ondersteun.

Uitkomst, uitset, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/21	2021/22	2022/23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/25	Jaar 2: 2025/26	Jaar 3: 2026/27
Verligting van armoede	2.5(a) Geleenthede deur die Thusong-program geskep	2.5.1(a) Sosio-ekonomiese projekte bemiddel	2	4	4	4	4	4	4
	2.5(b) Doeltreffende Thusong-program	2.5.1(b) Aantal dienste verkry deur die Thusong-program	337 682	1 386 856	1 347 486	1 300 000	1 300 000	-	-
		2.5.2(b) Ondersteun aksies om effektiewe funksionering van die Thusong-program te verseker	2	4	4	4	4	4	4
Verbeterde geïntegreerde beplanning, begroting en instelling	2.5(c) Funksionele platforms vir Inter-regerings-verhoudinge (IRB)	2.5.1(c) Ondersteun aksies om platforms vir distriks-interregering-betrekkinge (IRB) te verbeter	3	4	4	3	3	3	3
		2.5.2(c) Ondersteun aksies om provinsiale platforms vir interregering-betrekkinge (IRB) te verbeter	4	4	5	4	4	4	4

## Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.5.1(a)	Sosio-ekonomiese projekte bemiddel	4	-	-	-	4
2.5.1(b)	Aantal dienste verkry deur die Thusong-program	1 300 000	-	-	650 000	650 000
2.5.2(b)	Ondersteun aksies om effektiewe funksionering van die Thusong-program te verseker	4	-	-	-	4
2.5.1(c)	Ondersteun aksies om platforms vir distriksinterregeringbetrekkinge (IRB) te verbeter	3	-	1	1	1
2.5.2(c)	Ondersteun aksies om provinsiale platforms vir interregeringbetrekkinge (IRB) te verbeter	4	1	1	1	1

## 9.2.6 Subprogram: Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram

**Doel:** Om inligting aan gemeenskappe te verskaf om toegang tot staatsdienste te verkry en om toegang tot sosio-ekonomiese geleenthede vir gemeenskappe te bemiddel.

### Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/21	2021/22	2022/23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/25	Jaar 2: 2025/26	Jaar 3: 2026/27
Verligting van armoede	2.6 Geleenthede deur die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram geskep	2.6.1 Regerings-inisiatiewe om sosiale welstand te verbeter	5	5	5	5	5	5	5
		2.6.2 Inisiatiewe om informele ekonomie te ondersteun	4	4	4	4	4	4	4

## Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

Uitset-aanwysers		Jaarlikse doelwit	V1	V2	V3	V4
2.6.1	Regerings-inisiatiewe om sosiale welstand te verbeter	5	-	-	-	5
2.6.2	Inisiatiewe om informele ekonomie te ondersteun	4	-	-	-	4



## 9.2.7 Verduideliking van beplande prestasie oor die mediumtermyn tydperk

**Uitkoms 2: Munisipaliteite wat, as gevolg van doeltreffende en effektiewe toesig, kapasiteitsbou en bestuurstrukture, goed bestuur word**

Die plaaslike regering se mandaat, soos uiteengesit in die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996, is om ontwikkelende plaaslike regering te bevorder wat aan die basiese behoeftes van die gemeenskappe wat dit dien, aandag moet gee.<sup>10</sup> Aangesien plaaslike regering die naaste diensleweringinstansie vir gemeenskappe is, streef dit daarna om hierdie mandaat na te kom deur te organiseer, besluite te neem en sy funksies binne die voorgeskrewe wetgewende raamwerke uit te voer.

Geskiedenis leer ons dat baie van die groot bestuurs- en leweringuitdagings wat munisipaliteite in die gesig staar, nie soseer uit tegniese tekortkominge spruit nie, maar aan mislukte leierskap toegeskryf kan word. Gepaardgaande hiermee kan baie konflikte en misverstande aan waninterpretasie van die wetgewende en regulatoriese raamwerk van munisipaliteite toegeskryf word.

Hierdie uitkoms is op die oortuiging gegrond dat respek vir reëls en regulasies wat die legitimiteit daarvan aan die hoogste gesag van die land ontleen, die noodsaaklike komponente van bestuur is, naamlik om riglyne, leiding en beheer aan 'n instelling te gee. Daarbenewens is sterk leierskap met 'n duidelike langtermynstrategie en aanspreeklikheid teenoor gemeenskappe noodsaaklik vir 'n getransformeerde en effektiewe plaaslike regeringstelsel. Dit is belangrik dat, as 'n institusionele kapasiteit, bestuur voortdurend versterk moet word, en stelsels en strukture in plek moet stel wat periodiek hersien moet word met die doel om aan te pas by veranderende toestande en omstandighede. Vir hierdie doel het die Departement, in samewerking met verskeie vennote, opleiding en adviesdienste aan munisipaliteite verskaf. Bo en behalwe die MTUR is dit die Departement se prioriteit om voortdurend daarna te streef om hierop te verbeter.

Die Departement sal nou saamwerk met munisipaliteite en daarin volhard om werkbare oplossings vir bestuursuitdagings te vind. Die doel is om bestuur en aanspreeklikheid te versterk en te handhaaf, sodat goedbestuurde munisipaliteite 'n doeltreffende, verantwoordbare en bemagtigende plaaslike regering sal word wat ekonomiese groei en dienslewering sal bevorder.

**Ingrypings het, tot op hede, die volgende ingesluit, maar is nie beperk nie tot:**

- Voor- en na 2021 plaaslike regeringsverkiesingsvoorligting en -ondersteuning wat die ontplooiing van senior bestuurders by openingsvergaderings, regsadvies en hulptoonbankondersteuning ingesluit het;
- Ontwikkeling en hersiening van die relevante wetgewing;
- Kapasiteitsbou van beide raadslede en amptenare, deur opleiding, mentorskap en afrigtingsgeleenthede.
- Ondersteuning en regsvoorligting met betrekking tot die relevante wetgewende voorskrifte om senior bestuursposte te vul en munisipaliteite te help om sekondasies te bemiddel.
- Diagnostiese evaluering om die S154-ondersteuningsplanne vir Kannaland en Beaufort-Wes te hersien om bestuur te versterk.

**Uitkoms 3: Data- en Kennisbestuursentrum wat besluitneming, beplanning en begrotingstoewysing binne plaaslike regering inlig**

Die beplannings- en verslagdoeningsprosesse van plaaslike regering word deur 'n ingewikkelde stel wetgewende en regulatoriese raamwerke beheer. Dit lei tot 'n wetgewende vereiste om verskillende stelle verslagdoeningsdokumente aan verskillende staatsliggame te lewer. Dit is lastig en baie moeite vir munisipaliteite en vir diegene wat hulle ondersteun. As deel van sy moniteringsfunksie van munisipaliteite oor die jare, het die Departement besef dat die vestiging van 'n Departementele Data- en Kennisbestuursentrum noodsaaklik is om sy besluitnemingsvermoëns te verbeter.

Die doel van hierdie inisiatief is om die optimale gebruik van geloofwaardige data in die Departement te verseker en 'n kultuur van data-gedrewe besluitneming te skep. Die projek sal aandag aan databestuur gee, sowel as die insameling, versameling en verwerking van data uit verskeie bronne om beplanning, begroting en ondersteuning wat aan munisipaliteite verskaf word, te verbeter.

Dit sal boonop verseker dat die Departement se institusionele kennis en geheue bewaar word sodat gespesialiseerde kennis nie by vertrek van personeel verlore gaan nie. Synde die verskeie vennote wat binne die munisipale ruimte asook binne die parameters van die Gesamentlike Distrikbenadering funksioneer, sal kennisbestuur tot verbeterde samewerking lei aangesien alle belanghebbendes vanaf 'n gemeenskaplike platform sal werk.

<sup>10</sup>. Die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika (1996): Hoofstuk 7.

## **Ingrypings het, tot op hede, die volgende ingesluit, maar is nie beperk nie tot:**

- Vestiging en instelling van 'n enkele bewaarplek om inligting met betrekking tot munisipaliteite te bestuur en te versprei;
- Monitering en verslagdoening oor die status en funksionering van munisipaliteite;
- Institutionaliserings van Geografiese Inligtingstelsels (GIS) in die munisipale ruimte; en
- Ondersteuning van munisipaliteite om Inligting- en Kommunikasietegnologie-bestuur (IKT) te institutionaliseer.

## **Uitkoms 5: Verbeterde koppelvlak tussen regering en burgers**

Dit word wêreldwyd aanvaar dat Interaksie tussen die regering en burgers ondersteuning aan regeringsoptredes verleen en burgerbetrokkenheid verdiep. In Suid-Afrika is dit 'n belangrike aspek van demokrasie en bestuur. Die Departement het oor die jare heen munisipaliteite ondersteun deur wykskomitees te stig om burgerlike deelname aan die besluitnemingsprosesse van munisipaliteite aan te moedig. Dit sluit die vertaling van die wykskomiteehandboek in Braille in wat in al drie die amptelike tale van die Wes-Kaap vertaal is, met die doel om siggestremde individue 'n geleentheid te bied om aan wykskomitees deel te neem. Na die 2021 plaaslike regeringsverkiesing lê die Departement klem op ondersteuning van programme wat beter kommunikasie tussen die regering en gemeenskappe sal verseker. Hierdie programme wissel van openbare deelname en/of wykskomiteebeleide en die wyk se operasionele planne, en burgerlike opvoeding oor openbare deelname. Dit is daarop gefokus om burgers te bemagtig om die belangrikheid van deelname aan besluitneming van hul onderskeie munisipaliteite te verstaan.

## **Ingrypings het, tot op hede, die volgende ingesluit, maar is nie beperk nie, tot:**

- Ondersteuning van munisipaliteite deur wykskomitees in te stel en bystand met funksionering te verleen;
- Die Burgerlike Onderwysprojek is een van die belangrike ondersteuningsprogramme wat die Departement in munisipaliteite ontplooi het. Die hoofdoel van die projek is om gemeenskappe te bemagtig deur bewustheid oor hul regte en verantwoordelikhede rakende munisipale besluitnemingsprosesse te verhoog en die rol wat hulle behoort te speel om munisipale besluitneming te beïnvloed;

- Ondersteuning van munisipaliteite om Dienshandveste te ontwikkel/hersiening;
- Ondersteuning van munisipaliteite met 'n verskeidenheid kommunikasieprogramme;
- Ondersteuning en leiding van munisipaliteite oor geslagshoofstroomprogramme; en
- Ondersteuning van munisipaliteite om die Gemeenskapswerkerprogram (GWP) in te stel.

## **Uitkoms 6: Verlaging van armoede**

Oor die jare het die Departement munisipaliteite op verskillende maniere ondersteun deur saam met belanghebbendes in gemeenskappe te werk om volhoubare maniere te vind om hulle lewensomstandighede en lewenskwaliteit te verbeter, ongeag die wete dat armoede steeds die inkomstegroei van munisipaliteite belemmer en ook hierdie selfde ontwikkeling ondermyn wat die munisipaliteit in gemeenskappe nastreef. Na die instelling van die Thusong- en die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogramme het dit duidelik geword dat inligting en toegang tot staatsdienste die twee belangrike hulpbronne is wat mense kan gebruik om armoede teen te werk. Die Departement se pogings om armoede te verlaag is dus daarop gemik om burgers se toegang tot staatsdienste te verbeter – sodat dit nader is aan waar hulle woon en om inligting oor geleenthede vir die verbetering van mense se lewensomstandighede te verskaf.

## **Ingrypings het, tot op hede, die volgende ingesluit, maar is nie beperk nie, tot:**

Die uitbreiding van die Thusong-program se doelwit om as spilpunt vir armoedevermindering, werkskepping en breë-gebaseerde gemeenskapsontwikkeling gebruik te word. Dit behels die gebruik van Thusong-dienssentrums om kapasiteitsbou en kleinskaalse ekonomiese ontwikkelingsprojekte in te stel. Verder het die Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram gemeenskappe gehelp om selfstandig te word deur kleinskaalse ekonomiese geleenthede te skep.

Met die oog op die verbetering van burgers se toegang tot dienste gaan die Departement voort met vernouing en verskeie inisiatiewe is geloods om ekonomiese aktiwiteite binne ons gemeenskappe te verbeter, met spesiale klem op die jeug deur programme gemik op werkgeredheid, plasing en klein besighede te ondersteun.

## 9.2.8 Hulpbronorwegings vir die Program

### Program 2: Plaaslike Bestuur

#### Opsomming van betalings en ramings – Program 2: Plaaslike Bestuur

Subprogram R'000	Uitkoms			Hoof- toe- wysing	Aange- paste toe- wysing	Hersiene bera- ming	Mediumtermyn beraming			
	Geou- diteer	Geou- diteer	Geou- diteer					% Veran- dering van Hersiene beraming		
	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	2024/25	2023/24	2025/26	2026/27
Munisipale Administrasie	10 888	16 366	16 668	17 323	16 381	16 272	16 489	1,33	18 401	19 349
Openbare deelname	9 184	9 907	11 651	11 785	11 791	11 785	12 409	5,29	13 238	14 277
Kapasiteitsontwikkeling	10 266	10 659	11 721	12 361	13 473	13 371	14 205	6,24	14 699	15 471
Munisipale prestasie, monitering, verslagdoening en evaluering	32 675	29 964	30 319	34 190	28 975	29 129	36 763	26,21	31 366	29 701
Dienslewering-integrasie	9 432	60 924	11 794	11 938	12 480	12 410	12 464	0,44	11 991	12 623
Gemeenskapsontwikkelingswerkerprogram	71 838	72 300	77 561	74 041	80 534	83 101	72 662	(12,56)	75 331	74 361
<b>Totale betalings en ramings</b>	<b>144 283</b>	<b>200 120</b>	<b>159 714</b>	<b>161 638</b>	<b>163 634</b>	<b>166 068</b>	<b>164 992</b>	<b>(0,65)</b>	<b>165 026</b>	<b>165 782</b>

Let wel: Die Departement se Programstruktuur van die Begroting voldoen aan die Nasionale Struktuur vir Samewerkende Regering en Tradisionele Sake, met die volgende uitsonderings: Subprogram Munisipale Finansies (onder Program 2: Plaaslike Bestuur) val onder die Provinsiale Tesourie en Dienslewering-integrasie en die Program vir Gemeenskapsontwikkelingswerkers is bykomend tot die nasionale struktuur.

#### Toegewysde toekenning:

Die volgende is ingesluit:

Subprogram 2.4: Munisipale Prestasie, Monitering, Verslagdoening en Evaluering: Om die toegewyde projekbestuurondersteuning te befonds om suksesvolle ontplooiing van die Volhoubare

Infrastruktuurontwikkeling- en Finansieringsfasiliteit (OVIFF) Program te verseker, is 'n bedrag van R6 miljoen (2024/25), R6 miljoen vir 2025/26 en R3,318 miljoen 2026/27 toegeken

# METING VAN ONS PRESTASIE



## Opsomming van betalings en ramings volgens ekonomiese klassifikasie – Program 2: Plaaslike Bestuur

Ekonomiese klassifikasie R'000	Uitkoms			Hoof-toewysing	Aangepaste toewysing	Hersiene beraming	Mediumtermyn beraming			
	Geouditeer	Geouditeer	Geouditeer					% Verandering van Hersiene beraming		
	2020/21	2021/22	2022/23	2023/24	2023/24	2023/24	2024/25	2023/24	2025/26	2026/27
<b>Huidige betalings</b>	<b>123 161</b>	<b>128 769</b>	<b>137 115</b>	<b>147 347</b>	<b>144 528</b>	<b>146 924</b>	<b>146 321</b>	<b>(0,41)</b>	<b>150 904</b>	<b>151 344</b>
Vergoeding van werknemers	111 187	115 482	122 887	124 377	127 709	129 986	<b>126 289</b>	(2,84)	135 312	137 809
Produkte en dienste	11 974	13 287	14 228	22 970	16 819	16 938	<b>20 032</b>	18,27	15 592	13 535
<b>Oordragte en subsidies</b>	<b>20 529</b>	<b>71 205</b>	<b>21 551</b>	<b>13 356</b>	<b>18 081</b>	<b>18 181</b>	<b>17 845</b>	<b>(1,85)</b>	<b>13 271</b>	<b>13 540</b>
Provinsies en munisipaliteite		70 972	20 632	13 356	17 846	17 846	<b>17 845</b>	(0,01)	13 271	13 540
Huishoudings	369	233	919		235	335		(100,00)		
<b>Betalings vir kapitaalbates</b>	<b>586</b>	<b>113</b>	<b>1 032</b>	<b>935</b>	<b>935</b>	<b>865</b>	<b>826</b>	<b>(4,51)</b>	<b>851</b>	<b>898</b>
Masjinerie en toerusting	586	113	1 032	935	935	865	<b>826</b>	(4,51)	851	898
<b>Betalings vir finansiële bates</b>	<b>7</b>	<b>33</b>	<b>16</b>		<b>90</b>	<b>98</b>		<b>(100,00)</b>		
<b>Totale ekonomiese klassifikasie</b>	<b>144 283</b>	<b>200 120</b>	<b>159 714</b>	<b>161 638</b>	<b>163 634</b>	<b>166 068</b>	<b>164 992</b>	<b>(0,65)</b>	<b>165 026</b>	<b>165 782</b>

### Ontleding van bestedingstendense

Die 2024/25-begroting vir die Program beloop R164,992 miljoen in vergelyking met die hersiene beraming in die 2023/24-boekjaar. Vergoeding van werknemers het hoofsaaklik afgeneem as gevolg van poste wat onbefonds gemaak is om die gevolge van die LKT (Lewenskostoelaag) wat op 1 April 2023 ingestel is, te absorbeer en deur te voer.

Goedere en dienste het in die 2024/25-boekjaar met 18,27 persent toegeneem, en is hoofsaaklik toe te skryf aan die bykomende fondse wat aan die Volhoubare Infrastruktuurontwikkeling en Finansieringsfasiliteit-

program (OVIFF) toegeken is om toegewyde projekbestuurondersteuning te befonds die OVIFF-program suksesvol uit te rol.

Die afname in Huishoudings word toegeskryf aan verlofgratifikasie-betalings wat aan personeel wat in die 2023/24-boekjaar die diens verlaat het, gemaak is.

Betaling vir kapitaalbates het met 4,51 persent gedaal en dit word toegeskryf aan die herprioritering van fondse rakende die uitwerking van die LKT wat gedurende die 2023/24 finansiële jaar ingestel is.

## 9.3 Program 3: Ontwikkeling en Beplanning

**Doel:** Om doeltreffende rampbestuurspraktyke te bevorder en te bemiddel, te verseker dat munisipale infrastruktuur goed onderhou word, en geïntegreerde beplanning te bevorder.

### 9.3.1 Subprogram: Munisipale Infrastruktuur

**Doel:** Om infrastruktuurontwikkeling in munisipaliteite te bemiddel en te monitor om volhoubare munisipale infrastruktuur te verseker.

Uitkomst, uitsette, prestasie-aanwysers en doelwitte

Uitkoms	Uitset	Uitset-aanwysers	Jaarlikse doelwitte						
			Geouditeerde/werklike prestasie			Beraamde prestasie	MTUR-tydperk		
			2020/21	2021/22	2022/23	Huidige 2023/24	Jaar 1: 2024/25	Jaar 2: 2025/26	Jaar 3: 2026/27
Die voorsiening en instandhouding van infrastruktuur vir infrastruktuur-gerigte ekonomiese groei	3.1 Versterk basiese dienslewering	3.1.1 Aantal programme om basiese dienslewering te versterk	2	1	1	2	2	2	2
		3.1.2 Aantal programme vir waterveerkragtigheid	1	1	1	2	2	2	2
		3.1.3 Aantal programme vir energieveerkragtigheid	1	1	1	2	2	2	2
		3.1.4 Aantal befondsingsprogramme vir infrastruktuur	-	-	-	1	1	1	1

Aanwysers, jaarlikse en kwartaallikse doelwitte vir 2024/25

